# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

Nr 10 GRATIS OP KAMPUS VERSPREI DONDERDAG 13 MEI 1993



**Depressie**

Down-downs on the up 'n up

p 8




# Onmin stuit optog

**Die beplande optog vir vrede en demokrasie, wat vandag deur die strate van Stellenbosch sou plaasvind, is gekanselleer nadat die Stellenbosch-tak van die ANC gesê het dat hulle nie bereid is om daaraan deel te neem nie. Die sekretaris van die Stellenbosch-tak van die ANC, mnr Rudolph Mastenbroek, het gesê dat die ANC nie kan deelneem aan 'n vrede-soptog waarby die Nasionale Party en Inkatha betrokke is nie.**

Deur EBBE DOMMISSE en SYBRANDUS ADEMA

"ONS beskou dié organisasies as struikelblokke tot die bewerkstelling van vrede en demokrasie in Suid Afrika. Die feit dat ons met die NP-regering onderhandel beteken nie dat ons bereid is om met hulle te marsjeer nie," het mnr Mastenbroek gesê.

"Die ANC onderhandel juis met die NP-regering aangesien hulle as onlegitieme regeerders van Suid-Afrika ons vernaamste politieke opponent is."

Die ANC se weiering het daartoe gelei dat organisasies soos Koinonia, Stellenbosch Housing Action Komitee (Shak) en Studente vir Menseregte (Stem), wat oorspronklik die optog gesteun het, hulself ook daaraan onttrek het.

Die SR-voorsitter, André van der Spuy, het in 'n persverklaring bekend gemaak dat die ANC se weiering die SR genoodsaak het om die vredesoptog, wat deur hulle geïnisieer is, af te stel.

"Dié doel van die optog was 'n poging om versoening tussen die verskillende sektore van die gemeenskap te bevorder. Ons het geglo dat dit oor die potensiaal beskik om die strewe na 'n vreedsame toekoms te verwesenlik. Dit was egter om simboliese redes sowel as die voorkoming van enige moontlike konfrontasie noodsaaklik dat ál die belangrike rolspelers betrokke moes wees by die optog."

Mnr Van der Spuy het verder gesê dat hy spyt is oor die wyse waarop die ANC die aangeleentheid hanteer het. "Dit plaas voorwaar 'n vraagteken oor hul verbintenis tot vrede in hierdie kritieke stadium in ons geskiedenis," het hy gesê.

In reaksie op die kritiek teen die ANC het mnr Mastenbroek die ANC se verbintenis tot vryheid van spraak herbevestig. "Ons het nie die SR verbied om met die optog voort te gaan nie en ons betreur die SR se insinuasie dat die optog moontlik deur die ANC ontwrig sou word indien dit wel sou voortgaan."

Die NP-jeugtak het in reaksie op die kansellasie van die optog gesê dat dit vir hulle 'n groot teleurstelling is, veral aangesien die betrokke partye soveel tyd en moeite aan die organisering van die optog bestee het.

"'n Mens kan met reg die vraag vra of ons óóit in Suid-Afrika sal kan saamwerk as ons nie eers oor iets soos 'n vredesoptog konsensus kan bereik nie," het die voorsitter, mnr Natie Albertyn, gesê.

Die Inkatha-Jeugtak van Stellenbosch het in 'n verklaring hul spyt oor die optrede van die ANC uitgespreek, veral in die lig van die huidige klimaat van politieke geweld.

Volgens die SR-lid vir Spog en Omgewingsake, Rainer Gillich, wat die mosie aan die SR voorgelê het, het hulle, vandat hulle besluit het om die hele Stellenbosch-gemeenskap te betrek by die optog, met al die relevante partye onderhandel.

"Al die reëlings het goed verloop totdat die ANC bekend gemaak het dat hulle nie aan die optog gaan deelneem nie. Ek is teleurgesteld dat die hele aangeleentheid verpolitiseer geraak het," het hy gesê.

Mnr Mastenbroek het dit beklemtoon dat die ANC die reg van enige persoon en instansie om 'n politieke posisie te huldig en om 'n optog te reël, ondersteun.

"Indien die SR nie polities volwasse genoeg is om die ANC se posisie te respekteer nie, voorsien ons nog 'n lang pad voordat die Universiteit haar plek kan inneem in die nuwe, verdraagsame samelewing wat besig is om geskep te word," het hy gesê.



Launa Kotzé en Liezl Wolmerans agter die tralies in die toneelstuk "Woman Behind Bars".

Foto: PIETER MALAN

## Carl Niehaus praat vandag

DIE ANC se segspersoon, mnr Carl Niehaus, praat vandag op die kampus by 'n Saak-vergadering oor die ANC se siening van die regse mobilisasie en die gepaardgaande polarisasie. Die toespraak sal om 13:00 in die BJ Vorster-gebou gehou word.

Mnr Niehaus was onlangs in die nuus nadat regse studente by Tukkies sy toespraak oor nasionale simbole ontwrig het. Tugoptrede teen die KP-jeugtak van Tukkies het intussen tot hul disaffiliasie gelei. Hy het ook reeds by RAU, waar hy vroeër studeer het, gepraat.

Tydens sy studentedae is mnr Niehaus van die universiteit geskors omdat hy plakkate wat eise vir die vrylating van Nelson Mandela en vir gelyke onderwys bevat het, versprei het. Kort daarna het hy in die geheim na Botswana gegaan, by die ANC aangesluit en betrokke geraak het by hul geheime werk.

In 1983 is hy en sy vrou in hegtenis geneem en is hy vir ongeveer sewe jaar in die tronk opgesluit nadat hy skuldig bevind is aan "hoogverraad, spioenasie op die SAUK en onwettige uitsmokkeling van politieke aktiviste uit die land." Sy vrylating het eers gevolg nadat die ANC in 1990 ontban is.

Volgens die voorsitter van Saak, mnr Wynand Louw, verwag hulle géén probleme nie. "Die vergadering sal egter toets hoe verdraagsaam Stellenbosch se studente werklik is," het hy gesê.

Mnr Niehaus is tans in die Wes-Kaap om die voortslepende onderwyskrisis te help oplos.

## Mans dalk in kamers

DIE moontlikheid dat mans binnekort in die kamers van vrouekoshuise toegelaat gaan word, word tans deur die SR-lid vir vrouekoshuise, me Hanlie Linde, ondersoek.

'n Komitee bestaande uit alle primarias het besluit dat die menings van al die betrokke vroue eers gehoor moet word voor die versoeke aan die Dagbestuur van die Koshuiskomitee voorgelê word. Me Linde is tans besig om 'n meningspeiling by die verskillende vrouekoshuise te doen.

Die saak word tydens huisvergaderings so neutraal as moontlik gestel, waarna die koshuislede 'n geleentheid kry om oor die aangeleentheid te stem. "Sodra alle koshuise besoek is, sal die uitslag bekend gemaak word," het me Linde gesê.

Voordat enige besluit met betrekking tot 'n nuwe reëling gemaak word, moet die Universiteitsraad eers die saak in beginsel goedkeur.

## SR ondersoek studenteklagtes

Deur ADéL DE VILLIERS

ONGEVEER 300 klagtes van studente is na aanleiding van die "Kom Kla Wat Pla"-veldtog, wat deur die SR geloods is, ingedien. Volgens die SR-lid vir Studentebelange, Arnél Venter, was die doel van dié veldtog om 'n kommunikasiegang tussen Administrasie en studente te skep. Aandag is geskenk aan hierdie klagtes en oplossings is vir sommige van die probleme gevind.

Klagtes is ontvang van studente verbonde aan die Landboudepartement rakende die taal van onderrig. Die studente het gekla dat die notas en vraestelle slegs in Engels voorsien word.

Volgens me Venter, wat die kwessie ondersoek het, het studente die volste reg om aan te dring op Afrikaanse notas en die beantwoording van vraestelle in Afrikaans. "Die probleem is egter dat, as gevolg van die gespesialiseerdheid van die kursus, dit moeilik is om altyd Afrikaanse dosente te kry."

Op-aandrang van studente is parkeerstrepe aangebring voor Minerva en Lydia. Die waterprobleem van Sonop en Lydia is ook ondersoek, nadat verskeie inwoners se hare groen geword het as gevolg van die koperpype en hoë chloorinhoud van die water.

"Die koshuis se hele pypstelsel sal vervang moet word en twyfel ek of dit sal realiseer, aangesien koshuisgelde reeds só duur is. In die geval van Sonop, wat dalk gemoderniseer gaan word, kan die pypstelsel dalk wel verander word," het me Venter gesê.

'n Algemene klagte onder studente is die laat terugbetaling van koshuis- en kosdeposito's. Volgens Administrasie kan dié probleem toegeskryf word aan die feit dat die Finansiële Afdeling na 'n nuwe rekenaarstelsel oorgeslaan het.

Volgens mnr Van Tonder van die Finansiële Afdeling is die stelsel met sukses geïmplementeer en sal die briewe so spoedig moontlik uitgestuur word.


**Bitterstrips no1**

Joe Dog slaan toe

p 6






**Vryheid uiteindelik**

Kunsflieks vir Maties

p1




# Werkers in polemiek

DIE twee werkersorganisasies van die US het die afgelope weke pamflette versprei waarin beide daarop aanspraak maak dat hulle die werkers wat tydens die privatisering van die Buro vir Meganiese Ingenieurswese (BMI) afgedank sou word, verteenwoordig.

In 'n brief aan *Die Matie* maak die sekretaris van die Werknemersvereniging van die US, mnr Boy Adams, ernstig beswaar teen 'n pamflet van die Transport and General Workers Union (TGWU) wat die vorige week onder werkers versprei is. In dié pamflet eis die TGWU dat die vereniging skriftelik om verskoning moet vra aangesien hulle in hul nuusbrief beweer het dat hulle die BMI-werkers verteenwoordig in die stryd teen die werksbesnoeing by dié fakulteit.

Volgens die pamflet van die TGWU is dié aansprake van die vereniging "lagwekkend".

"Ons, as gewese werkers by die BMI, is almal lede van die TGWU en die vereniging het nooit vir ons of met ons mandaat met die Universiteit onderhandel nie," lui die pamflet verder.

Volgens mnr Adams weiers hy om verskoning te maak vir enige aangeleentheid rakende die BMI. "Hierdie privatiseringsaangeleentheid en diensvoorwaardes by die betrokke afdeling, asook die werkers betrokke, is reeds op 'n vergadering in Februarie 1990 met die Direkteur: Personeel bespreek en oorgedra. Sedert daardie datum het ons gereelde samesprekings gehad."

Die pamflet van die TGWU voer egter aan dat die unie "ons verteenwoordigers is en hulle tans nog besig is om met die Universiteit te onderhandel."

Volgens die assistent-direkteur van Openbare betrekkinge, mnr Douglas Davis, het die personeelafdeling van die US met beide die Werknemersvereniging en die TGWU onderhandel toe die BMI geprivatiseer is. "Geen assistente wat daar gewerk het, is afgedank nie," het hy gesê.

# Verkragters kry 50 jaar

TWEE mans is verlede week tot altesaam vyftig jaar gevangenisstraf gevonnis vir die verkragting van 'n Matie-student. Regter Van Deventer het in die vonnisoplegging die twee se gedrag as die van "diere en barbare" beskryf.

Die voorval het 'n jaar gelede plaasgevind toe die twee mans by 'n plaashuis ingebreek het waar die vrou alleen was. Die hof het bevind dat die mans dié feit geweet het. Hulle het 'n venster oopgebreek en haar vyf keer verkrag. Beide sy en haar verloofde, wat later opgedaag het, is boonop deur die mans geblinddoek en ontvoer.

Die mans is onder andere aan verkragting, inbraak, ontvoering en roof, skuldig bevind.

# Groter druk op broeders?

HERNIEUDE kommer is onlangs weer onder Stellenbosse akademici uitgespreek oor die beweerde verbintenis van die aangewese rektor van die US, prof Andreas van Wyk, met die Afrikaner Broederbond (AB).

Hierdie kommer spruit skynbaar voort uit die feit dat daar nie veel meer as 'n maand vir prof van Wyk oorbly om uit die AB te bedank voordat hy op 1 Julie as rektor ingehuldig word nie.

Volgens berigte wat die afgelope naweek in *The Argus* verskyn het, is die AB op Stellenbosch in oproer na die stroom van bedankings uit dié geheime organisasie deur akademici van ander Afrikaanse universiteite. Volgens die berigte het die leier van die AB, prof Peter de Lange, Stellenbosse lede onlangs kom toespreek in 'n poging om te keer dat die bedankings na Stellenbosch uitkring.

Na bewering het die rektor van die Universiteit van Pretoria, prof Fritz Smit, reeds uit die Broederbond bedank, en op RAU het hierdie tendens glo dramatiese afmetings aangeneem.

Volgens me Annie Gagiano, lektor in Engels, raak die bedanking van prof Van Wyk al dringender ter wille van die akademiese toekoms van die US. Sy sê dat die universiteit losgemaak moet word van die noue verbintenis met 'n kwynende en polities-seksionele belangegroep soos die AB.

"Die simboliek daarvan om 'n rektor te hê wat wyd verspreid die reputasie het van lidmaatskap van die hoogste range van die geheime politieke broeines, doen die US groot skade aan."

Die voorsitter van die SR, André van der Spuy, het gister die SR se vorige verklaring, wat lui dat daar geen plek is aan die US vir enige geheime organisasies nie, herbevestig. Hy sê hy trek nie prof Van Wyk se vermoëns in twyfel nie, maar voel wel dat hy uit die AB moet bedank.

Hy het egter gewys op prof Van Wyk se pogings om die AB van binne af te hervorm. Volgens hom ondersteun die SR die oopstelling van die AB as 'n inklusiewe kultuurorganisasie.

Prof Andreas Van Wyk het te kenne gegee dat hy nie 'n onderhoud omtrent hierdie aangeleentheid kan toestaan nie, maar sê dat sy deur altyd oop is wanneer dit by universiteitsaangeleenthede kom.

# IVP-pleidooi

MNR Hennie Bekker, wat onlangs uit die NP bedank het en by die Inkatha Vryheidsparty (IVP) aangesluit het, het gister tydens 'n openbare vergadering van die IVP 'n pleidooi vir federalisme gelewer.

Hy het die feit dat vier van die sewe groot ekonomiese lande federasies is, gebruik om die IVP se strewe na federalisme te motiveer. Hy het bygevoeg dat die ander drie lande homogeen is en dus nie 'n federasie nodig het nie.

Ten opsigte van die naderende verkiesing het hy beklemtoon dat die tyd vir lang, uitgerekte debat verby is. "Dit is nou die tyd vir daadwerklike optrede," het hy gesê.

# Wittes moet gelykheid erken



PROF SAMPIE TERREBLANCHE

SUID-AFRIKA benodig 'n gemeenskaplike ideologie wat doelbewus gekweek moet word, het prof Sampie Terreblanche gister tydens 'n lesing oor magsverskuiwings in die Westerse geskiedenis gesê.

Hy het egter die daarstelling van só 'n ideologie onderhewig gestel aan wit Suid-Afrikaners se erkenning van alle mense se gelykheid.

Volgens prof Terreblanche het die drie en 'n halwe eeu-oue botsing in Suid-Afrika uitgekristalliseer tot 'n polarisering van die ANC-SAKP-COSATU- alliansie aan die een kant en die burokratiese staat aan die ander.

# Nuusflitse

## Akademie vereer vyf dosente

VYF US-dosente is onlangs deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer vir hul bydraes in hul onderskeie vakgebiede.

Die viserektor (akademies), prof Hennie Rossouw, het die NP van Wyk Louw-prys vir sy bedrae tot die ontginning, organisasie en uitbouing van 'n vertakking van die geesteswetenskappe, ontvang. Dit is die eerste keer dat dié prys toegeken is.

Prof Sakkie Pretorius van die Departement Mikrobiologie, is tot dusver die jongste persoon wat ooit die Havengaprys vir Landbouwetenskappe ontvang het.

Die hoof van die Departement Verloskunde en Ginekologie in die Fakulteit Geneeskunde, prof Hein Odendaal, het die Albert Stratingprys vir Voorkomende Geneeskunde ontvang.

Die Pieter van Drimmelenmedalje is aan prof Ferdinand Deist van die Departement Ou Nabye Oosterse Studies toegeken vir sy bydrae in die bevordering van Afrikaans op godsdienstige gebied.

Die afgetrede hoogleraar in Fundamentele en Historiese Opvoedkunde, prof Corné de Vries, het 'n erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering in die Geesteswetenskappe (universiteite), ontvang.

*- Anna-Retha Kriel.*

## Herwinning in koshuise begin

'n PAPIERHERWINNINGS-VELDTOG sal waarskynlik binnekort in die US se koshuise, onder leiding van die SR se subkomitee vir Omgewingsake, geloods word. Dié komitee het die projek in samewerking met Uskor en Sappi geïnisieer.

Die hoof van Sappi Wastepaper se herwinningsafdeling, mnr Steve Harley, het aangebied dat Sappi kartondromme vir afvalpapier aan elke koshuiskamer verskaf. *- Danie Steenkamp*

## SR se kunsfees 'n sukses

DIE SR se Fees vir die Kunste het reeds verlede Maandag begin en strek tot môre. Van die kunste wat gedek word sluit onder andere die Toneelfees, klassieke musiek, film-analises, kunsuitstallings en die vlooimark in die Loopgang, in.

Die SR-lid vir Kultuur, Carlé Sharp, koördineer die fees en sy is van mening dat die doel van die fees is om soveel as moontlik kultuur in één week te konsentreer, veral in belang van studente wat om praktiese redes, kultureel honger is.

Me Sharp het verder gesê dat as die Fees vir die Kunste nie bó alles geniet is nie, het dit nie in die doel daarvan geslaag nie. *- Alvó Kotzé*

## Forum vir Neelsie-kwessie

NA aanleiding van al die gerugte aangaande die verbouing van die Neelsie die afgelope tyd, is daar besluit om op 18 Mei 'n Neelsie-forum te hou. By dié geleentheid sal studente kans kry om vrae te opper en dus onsekerhede uit die weg te ruim.

Die Projekkomitee het verskeie alternatiewe en opsies oorweeg sodat aan die behoeftes van die studente voldoen kan word. Die voorstelle is aan die fisiese beplanningskomitee voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter van die projekkomitee en die tydelike fasiliteringskomitee, mnr Willem Roos, sal tydens die forum as spreker optree. Hy sal inleidend verduidelik wat die besluite rondom die herbouing is, waarna daar geleentheid vir vrae sal wees. *- Piérre Oosthiuzen*

## US-redenaars by ATKB-stryd

TWEE US-studente neem Saterdag aan die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB) se Redenaarskompetisie vir Tersiêre Instellings by die RAU, deel.

Mnre Andrew Freeborn en Jean Meiring is gekies om die US te verteenwoordig op grond van hulle onderskeie prestasies tydens verlede jaar se Eerste Nasionale Bank US-redenaarskompetisie.

Mnr Freeborn is 'n mediese student in sy tweedejaar en as "volbloed-Engelse" Suid-Afrikaner, wat in Queenstown in die Oos-Kaap grootgeword het, voel hy "baie geëerd om vir hierdie kompetisie te gekwalifiseer het."

Mnr Meiring, 'n tweedejaar BA Regte-student was ook onlangs in die nuus nadat hy 'n prys verwerf het omrede hy verlede jaar negentig persent gehandhaaf het vir Afrikaans-Nederlands 178. *- Marius de Jager*


# Redaksielys

**Hoofredakteur**: Melissa Fourie, Brandwachtstr 3, tel 6063
**Assistent-hoofredakteurs**: Marius Visser, Nuwerus 7, tel 72702; Willem Kempen, Colignystr 8, tel 79231
**Advertensiebestuurder**: Phillippa Barnard, Nuwerus 9, tel 78789
**Hoof-fotograaf**: Helena van Zyl, Fickstr 3, Panorama, tel 021-924688
**Assistent-fotograwe**: Pieter Malan, Sarel van der Westhuizen, Adrian Huysamer
**Nuusredakteur**: Sybrandus Adema, Cluverweg 2, tel 73786
**Nuus-subredakteurs**: Marius de Jager, Parkhof 1, tel 78305; Anna-Retha Kriel, Kaneelsingel 19, tel 72482
**Verslaggewers**: Pieter Bruwer, Frances Burnett, Adél de Villiers, Ebbe Dommisse, Riekie-Louise Human, Alvo Kotze, Gisela Marx, Leoni Molenaar, Pierre Oosthuizen, Nelia Richter, Anita Tromp, Lydia van Niekerk, Caryn Voigt, Zelda Weitz
**Aktueelredakteur**: Botha Kruger, Papegaaistr 14, tel 4962
**Aktueel-subredakteur**: Marelize Görgens, Harmonie, tel 832182, Liza Albrecht, Die Berke 21
**Verslaggewers**: Elaine Mills, Julia Streuber, Lydia van Niekerk, Hennie Verhoef, Phillippa Barnard, Trudie Broekmann, Albert Buckle, Wilma Groenewaldt, Janice Henning, Marguerite Roux, Nicola Schoeman, Mia Swart, Catherien Venter.
**Interkampusredakteur**: Danie Steenkamp, Eendrag, tel 99949
**Verslaggewers**: Marelize Görgens, Janice Henning
**Briewe&Menings-redakteur**: Anna-Retha Kriel, Kaneelsingel 19, tel 72482
**Briewe&Menings-subredakteur**: Riekie-Louise Human, Irene, tel 832201
**Verslaggewers**: Esmé Schmitt, Karen Smith, Elouise Coetzee
**Dag-en-Nag-redakteur**: Liza Stewart, Rattray 14, tel 72029
**Dag-en-Nag-subredakteur**: Leigh-Anne Goulding, Cluverweg 3, tel 5303; Tania Botha, Langenhovenstr 19, tel 79246
**Verslaggewers**: Kobus Burger, Walter Buchholz, Johan van Zyl, Nichola Meyer, Jean Jordaan, Francois Jordaan, Izette Mostert, Ryan Hitchcock, Carey Bremridge, Gwyneth Bowner, Herman Wasserman, Louise Erasmus
**Sportredakteur**: Jean Nortje, Huis van Riebeeck, tel 832123
**Sport-subredakteur**: Pippa Schoeman, Hys Mys, Murraystraat 1, tel 6535; Laetitia van der Merwe, Gihonstr 7, Eden, Paradyskloof, tel 900858
**Verslaggewers**: Chris Carroll, Barbara Meyer
**Spotprenttekenaar**: Joe Dog
**Grafiese kunstenaars**: Francois Jordaan, Coret Myburgh



**EREKLEURE NOMINASIES**

Erekleure vir nominasies van akademiese, sport, kulturele, en algemene erekleure

**Aansoekvorms binnekort by SR-kantoor beskikbaar**

**Studente VERBLYF**

Alle persone wat private verblyf vir studente het, skakel SR-kantoor. Die SR bou 'n studente-verblyf databank op. Ons help julle om julle verblyfplekke te vul.

**Studente RYGELEENTHEDE**

Bied jy 'n geleentheid aan in Junie vir Studente? Rapporteer nou by die SR-kantoor. Databank van rygeleenthede word opgebou.

VIR JOU!

# Rekenaarstelsel belemmer etes

Deur CARYN VOIGT

SEKERE rekenaarstelsels van die Universiteit van Stellenbosch ontlok reeds geruime tyd skerp kritiek van studente, akademici en administratiewe personeel.

Daar bestaan etlike probleemareas op kampus, waarvan die mees ooglopende die chaos is wat byna daagliks heers rondom die etebesprekings van beide privaatstudente én die wat in koshuise woonagtig is. Dit gebeur male sonder tal dat 'n student wat sy of haar etes vir 'n betrokke dag vooruit bespreek het in die koshuis of Neelsie, dan moet uitvind dat die rekenaar om een of ander rede die betrokke bespreking 'n dag vorentoe of 'n dag agtertoe geskuif het óf dat dié bespreking totaal uitgewis is.

Die gevolg is dus dat geen kos beskikbaar is nie óf dat dit slegs met groot moeite bekom kan word. Dit lyk ook nie asof daar aan die probleem aandag geskenk word nie, veral vanweë die voortslepende aard van die probleme.

'n Senior amptenaar by die US se afdeling Informasietegnologie, dr Johan Fourie, het by navraag verduidelik dat die probleem nie "heeltemal so eenvoudig is nie." Volgens hom word nuwe rekenaarstelsels voortdurend deur die verskillende onderafdelings binne Informasietegnologie ontwikkel.

Met verwysing na die probleme wat daar met etebesprekings ondervind word, het dr Fourie gesê dat daar niks aan die saak gedoen kan word indien daar geen spesifieke klagtes gerig word nie. Volgens dr Fourie kan studente klagtes direk by Informasietegnologie (net regs van die Algemene Ingenieurswesegebou) aanmeld. Dit sal die toekomstige effektiewe fuksionering van die betrokke stelsels verseker.

Indien 'n student dus 'n probleem ondervind, moet dit so gou moontlik aangemeld word en dan kan daar gekyk word na moontlike oplossings. Dr Fourie is verder van mening dat 'n probleem spoedig opgelos kan word as dit binne 'n uur aangemeld word. Daar word dus 'n ernstige beroep op studente gedoen om spesifieke klagtes onder hulle aandag te bring om sodoende beter diens aan almal te verseker.

Voorbeelde van projekte waarvoor Informasietegnologie verantwoordelik was, sluit onder andere die elektriese sekuriteitsdeure wat veral by vroukoshuise gebruik word, asook die volkome rekenarisering van die kafeteria by die Tygerbergkampus, in.

Projekte wat vir die toekoms beplan word, sluit in die rekenarisering van die "Nuwe Neelsie", asook 'n stelsel waarmee elektroniese pos oor kampus gestuur sal kan word.

"Ernstige probleme word egter ondervind met befondsing, asook met 'n bevredigende tydskedule en dit het tot op hede veroorsaak dat groot projekte soos hierdie slegs in die beplanningsfase gebly het," het dr Fourie gesê.

Oor die gerugte wat die rondte doen dat die rekenaarstelsels so stadig funksioneer omdat te veel inligting oor boonop nog 'n relatiewe lang afstand (ongeveer een kilometer) moet beweeg, is dr Fourie van mening dat dit miskien in die verlede die problematies was, maar dat dit tans sonder twyfel nie meer 'n probleem is nie.



Die eertydse opstal van Martin Melck by Elsenburg, wat binnekort gerestoureer gaan word.

# Elsenburgkollege word vergroot

DIE Elsenburg Landboukollege gaan binnekort uitgebrei word deurdat die agtiende-eeuse Kaaps-Hollandse opstal van Martin Melck ten volle gerestoureer en omskep sal word in opleidingsgeriewe vir landboustudente.

Die imposante herehuis, wat uit 1761 dateer, en die skilderagte kelders, stalle, slawehuis, slaweskool en ander geboue sal hul Kaaps-Hollandse karakter behou, terwyl dit aangewend sal word om aan die groter vraag na moderne landbou-opleiding vir alle Suid-Afrikaners te beantwoord. Dit sal beteken dat meer studente vir formele en nie-formele kursusse jaarliks geakkommodeer kan word.

Hierdie projek is op 27 April, deur die Staatspresident, mnr FW de Klerk, wat 'n uitgebreide geldinsamelingsveldtog insluit, bekend gestel. Daar word beoog om die ontwikkelingsprojek in 1998 te voltooi. In hierdie jaar sal die historiese plaas 300 jaar oud wees en die Elsenburg Landboukollege sy eeufees vier.

# Werksgeleenthede vir studente in VSA

STUDENTE wat belangstel om aan die einde van die jaar in die VSA te gaan werk kan weer eens aansoek doen by die South African Students Travel Service (Sasts). Verlede jaar was sewentien persent van die studente wat aan die kulturele uitruilingsprogram met die VSA deelgeneem het, van die US.

Sasts reël die vlugte, werk, spesiale studente-werksversekering, en visas vir die deelnemers aan dié program. Meeste van die werksgeleenthede is by ski-oorde in onder andere California en Colorado, maar ook rekenaarverwerking en hotel-administrasie word deur studente verrig. Alhoewel studente se werkspermitte slegs vir vier maande tydens die Desembervakansie geldig is, is die retoerkaartjies vir 'n jaar van krag, wat dus beteken dat studente, nadat hulle die program voltooi het, verder op hulle eie kan reis deur die land.

Kostes om die toer mee te maak, beloop ongeveer R7500, terwyl salarisse in die VSA verlede jaar gewissel het tussen $800 en $2500.

Volgens die kontakpersoon van Sasts, me Jane Botha, kan enige voltydse student bó 21 aansoek doen by Sasts, voor 15 Julie vanjaar. Die kontakpersoon in Stellenbosch is die SR-lid vir Studentebelange, Arnél Venter.

## VREDESOPTOG

**Die idee van 'n vredesoptog is gebore uit die realiteit dat ons tans leef in 'n diep verdeelde samelewing. Van die begin af het verskillende politieke partye en kerkorganisasies op kampus die gebaar ondersteun om verskillende sektore te verenig in 'n gemeenskaplike ideaal. Die ANC-Stellenbosch sien egter nie tans hulle weg oop om saam met die NP en Inkatha aan so 'n optog deel te neem nie.**

**Wye kritiek is uitgespreek teen die Studenteraad se besluit om die optog te kanselleer. Dié kritiek is egter nie geregverdig nie. Die doel van die optog was om te verenig, nie om verder te verdeel nie. Hierdie doel sou verydel word indien enige van die vername partye hulle onttrek het. Hiermee saam was daar die risiko dat individue die optog sou probeer ontwrig - 'n risiko wat die SR nie alleen kon dra nie. Die Studenteraad bly egter verbind tot die realisering van so 'n gebaar.**

## STREEKS- EN NASIONALE SAMEWERKING TUSSEN UNIVERSITEITE

**Verlede jaar was die SR van die US verantwoordelik vir die organisasie van 'n Nasionale Studenteraadskonferensie. 'n Uitvloeisel van hierdie gebeurtenis was die besef dat daar 'n behoefte én potensiaal is vir streeks- en nasionale samewerking tussen universiteite. 'n Eerste stap sou wees om deur studente-inisiatief formele strukture in hierdie verband op die been te bring.**

**Die SR het vanjaar reeds verskeie samesprekings in hierdie verband gevoer met ander tersiêre inrigtings in die Wes-Kaap. Groot vordering word tans gemaak. Die doel van hierdie strukture sal onder andere wees:**

*** die afbreek van wanpersepsies**

*** samewerking tussen universiteite rondom sekere universele aangeleenthede, soos:**

**– seksuele teistering**
**– regstellende aksie**
**– nasionale onderwysbeplanning**
**– toelatingsbeleid, taalbeleid en standaarde**

## SR-DIE MATIE VERHOUDING: DIE OMSTREDENHEID DUUR VOORT!

**Reglementêr is die Studenteraad die eienaar van Die Matie. In die praktyk beteken dit dat die SR by magte is om die redakteur en assistent-redakteurs van Die Matie aan te stel en af te dank. Die Studenteraad is ook by magte om enige redakslelid op grond van die verbreking van Die Matie se kode af te dank. Wat die keuse van inhoud of die kwaliteit van berigge wing in die koerant betref, speel die Studenteraad egter geen rol nie.**

**Hierdie stelsel blyk egter oneffektief te wees omdat dit beperkings plaas op Die Matie se gesag en omdat dit in die verlede al veroorsaak het deurdat Die Matie en die Studenteraad twee verskillende belangegroepe verteenwoordig. Kers is egter besig om hierdie probleem te probeer oplos deur die daarstelling van 'n meer objektiewe liggaam wat op kampusvlak dieselfde funksie kan vervul as die Nasionale Mediaraad op nasionale vlak. Sodoende word daar gehoop om weg te kom van die waghond-funksie wat huidiglik reglementêr op die SR afgedwing word.**

SR

# SR-lid loop ná klagtes

Deur DANIE STEENKAMP

'N Studenteraadslid van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS) het sy lidmaatskap van die raad beëindig, slegs ure voordat die studenteraad hom sou vra om te bedank, luidens 'n persverklaring van dié universiteit.

Volgens die voorsitter van die SR, mnr Danielle van Zyl, het mnr Kobus Martens sy bedankingsbrief ingedien enkele ure voordat die studenteraad sou vergader om te besluit oor die beëindiging van sy lidmaatskap van die raad. Mnr Martens was SR-lid vir bemarking en borgwerwing.

Mnr Van Zyl het daarop gewys dat mnr Martens se "sterk emosionele" bedankingsbrief wesenlik verskil van die verklaring wat hy oor sy bedanking aan die *Irawa*, UOVS-studentekoerant, uitgereik het.

In die *Irawa*-brief sê mnr Martens dat hy weens akademiese en werksprobleme van die SR moet bedank. 'n Besluit is egter reeds vroeër deur die Uitvoerende Komitee van die SR geneem, om by die SR aan te beveel dat mnr Martens se lidmaatskap beëindig moet word.

Redes wat vir dié stap aangevoer is, is dat voorvalle ondersoek word waar mnr Martens onbehoorlik opgetree het in die werwing van borge. Die goeie naam van die universiteit sowel as die SR is na bewering deur sy optrede geskaad.

Mnr Martens het na bewering ook onbehoorlik opgetree deur persoonlike aantuigings teen ander lede van die SR te maak. Hy het ook na bewering in sy hoedanigheid as SR-lid uitsprake gemaak wat die SR in 'n swak lig stel.

Mnr Martens het hom volgens mnr Van Zyl ook aan ernstige pligsversuim skuldig gemaak.

Hy sê mnr Martens is al by twee vorige geleenthede oor dié sake aangespreek, maar hy het in sy optrede volhard.

'n Ondersoek teen mnr Martens dien nou voor die dissiplinêre komitee van die UOVS, na aanleiding van 'n klag deur die koshuis waar mnr Martens woon.

Mnr Van Zyl sê hoewel dit jammer is dat so iets moet gebeur, het dit ook 'n positiewe sy: "Dit wys dat die SR selfregulerend optree en verantwoordelikheid aanvaar vir die gedrag van sy lede. Die SR staan in diens van die studente en sal nie duld dat die goeie verhouding wat daar tussen die twee bestaan, benadeel word nie. Dit is ook vir ons belangrik dat die samewerking wat nog altyd tussen die universiteit en die gemeenskap bestaan het, behou moet word."

# Dosent sterf dae na toekenning van graad

Deur DANIE STEENKAMP



'N Handelsregdosent aan die Universiteit van Kaapstad (UK) het gesterf drie dae nadat 'n meestersgraad (cum laude) in die regte aan haar toegeken is.

Die graad is tydens 'n spesiale seremonie by Me Ina Ackermann (43) se bed in die St Luke-hospitium aan haar toegeken.

Volgens die dekaan van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) se regsfakulteit, prof Derek van der Merwe, het die universiteit besluit om die spesiale gradeplegtigheid ter ere van me Ackermann in die Kaap te hou.

Me Ackerman het haar verhandeling in April afgehandel en daar is gereël dat die eksaminering gouer geskied aangesien sy reeds sterwend was.

Volgens haar broer, mnr Niel Ackermann, is kanker van die limfkliere twee jaar gelede by haar gediagnoseer. Sy het heeltemal van dié siekte herstel, maar bloedkanker is verlede jaar by haar gediagnoseer.

'n Vriend van me Ackermann het gesê dat "deelname nie genoeg was vir Ina nie, indien sy nie gewen het nie. Dit is hoekom sy tot aan die einde voortgegaan het met haar verhandeling. En dit was ook die sleutel tot sukses van alles wat sy gedoen het."

Me Ackermann se twee kinders, Justin (12) en Luke (10), gaan voortaan by haar gewese man, 'n stadsraadslid van Kaapstad, mnr Norman Osburn, woon.

Sy was vroeër 'n WP-muurbalspeler asook voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vroue-Muurbalfederasie. Me Ackermann was ook vir die afgelope vyftien jaar betrokke by die Demokratiese Party (DP) en die eertydse Progressiewe Federale Party (PFP).

Volgens die dekaan van die regsfakulteit van die UK, prof Danie Visser, was me Ackermann 'n uiters gewilde en geliefde lid van die fakulteit.

"Afgesien van verskeie terugslae het sy 'n sterk wil gehad om te lewe. Sy het baie innerlike krag gehad en was fisies en emosioneel baie dapper" het me Annette Seegers oor haar vriendin gesê.

# Shawco mock trial raises hell and awareness

By KAREN SMITH

The University of Cape Town's (UCT) Court of Injustice for students, which has been held annualy for over a decade, took place at Jameson Hall on Monday 3 May.

This mock trial, organized by Shawco, UCT's charity fund-raising organization, was attended by hundreds of amused students, filling the hall to capacity.

Two well-known celebrities, Joe Mafela and Radio Good Hope DJ Mark Gillmann, were accused of "heinous crimes of serious offences", based on exaggerated characteristics and stories about them.

These included, on Mr Gillmann's part, "talking airwaves" and "dooming thousands of students and their families to death" by failing to provide sufficient Aids education. After promising to be "funny, completely funny and nothing but funny" and being sworn in on Sax Appeal magazines, he had to defend himself against various charges made by the injudicious jury and "persecutors" who were UCT lecturers.

Eventually the two celebrities were sentenced by the "dishonourable and most unjust" judge, Cape Town mayor Mr Frank van der Velde. He was eager to participate in the spectacle again this year, after having been one of the accused last year. Mr Gillmann's sentence included a 14% Vat charge on his crimes and a promise to "stretch a condom" on his radio station, as well as promote Shawco over the air.

The general public was able to attend the official Court of Injustice held at the Baxter Theatre on Tuesday May 11. At this event, which raised over R12 thousand last year, the accused were cabaret artist Elsabe Zietsman, Radio 5's Kevin Savage and Springbok prop Keith Andrews.

Other projects which have been undertaken by Shawco this year include a Company Relay, an Indoor Sport Tournament, a cycle race and an auction of fine wines. Like Stellenbosch's Uskor, Shawco, which is closely affiliated to UCT's Rag Committee, strives to raise funds for welfare.



# Me Tegniese Kollege gekroon

Me Tegniese Kollege Kaapland is Saterdag in Welgelegen, Parow gekroon. Sy is me Sonia Kempff (19) van die Stellenbosse Tegniese Kollege.

**Me Tegniese Kollege, Sonia Kempff en haar prinsesse, agter van links, Graziella Ventresca van Oos-Londen en Blanche van der Watt van Port Elizabeth.**

Foto: DIE BURGER

# KAMPUSFLITSE




Foto: JJ van der Walt

Lede van KP-Tuks – steeds in hulle kantoor

## KP-Tuks weier om te trek

IN die vorige uitgawe van *Die Matie* is berig dat die KP-Studentetak by die Universiteit van Pretoria van die SR gedisaffilieer is omdat lede van dié organisasie 'n ANC-vergadering ontwrig het. Die disaffiliasie is deur die universiteit se senaat bekragtig.

Die KP-Tuks sê dat dit die SR se gesag verwerp en weier om hulle kantore te ontruim.

Individuele regsgesindes is ook na aanleiding van die vergadering aangekla waarna die universiteit se tugkomitee een aangeklaagde onskuldig bevind het, een berispe het en 'n derde se saak na die Hooggeregshof verwys het.

Die tugkomitee se bevindinge is ondere ander deur die NP en Sasco op kampus gekritiseer. Volgens hulle "skep sulke uitsprake 'n presedent en gee 'n groenlig vir studente wat die universiteit 'n politieke smeerpamflet wil maak".



Sekuriteitsbeamptes van die universiteit probeer om die SR-voorsitter teen die polisie te beskerm.

Foto: THE SUNDAY TIMES

## SR-Voorsitter gearresteer

STUDENTE aan die Universiteit van Bophuthatswana wat wou protesteer teen teistering deur polisiemagte, is die naweek deur die polisie gekonfronteer.

Tydens 'n protesoptog is die SR-voorsitter, mnr Solly Bokaba, en vier ander studenteleiers gearresteer.

Die vyf studente is Saterdagmiddag ná 'n dringende hofaansoek, wat "vrees vir hul veiligheid" as rede aangevoer het, vrygelaat.

Mnr Bokaba wat gedurende die optog beseer is, sou volgens berigte ná sy vrylating na die Garankuwa Hospitaal oorgeplaas word.

## Natal-hoof uit ná onmin

DIE hoof van die Universiteit van Natal, prof James Leatt, het ná maande se struweling tussen hom en van sy senior personeelede met vervroegde uittrede gegaan.

Prof Leatt en die voorsitter van die universiteitsraad, dr C van der Pol het 'n gesamentlike verklaring oor dié stap uitgereik. Die verklaring voer aan dat prof Leatt "nie die ondersteuning van sleutelfigure in administrasie en onder akademici het nie".

Van prof Leatt se kollegas het beklemtoon dat daar geen "dramatiese" rede was waarom hy die ondersteuning van sy dekane verloor het nie. Twyfel het na bewering ontstaan oor sy gewilligheid om besluite, wat gesamentlik geneem is, deur te voer.

Na al die gebeure is daar tog persone, waaronder teenstanders van prof Leatt, wat voel dat hy 'n konstruktiewe bydrae tot die universiteit gemaak het.

Deur EWALD KELLERMAN



## BRIEWE

Enigeen kan 'n brief aan Die Matie rig. Die adres is: Die Redakteur, Die Matie, LSS, Victoriastraat, Stellenbosch, of dit kan in die posbus in die Loopgang gepos word. Die redakteur behou die reg voor om die plasing van stof te weier, of om dit vir publikasie aan te pas.

# Filmfees buit fliekvlooie uit

**Johan Peters, Constantialaan, Stellenbosch, skryf:**

DIE studentegemeenskap is seker veronderstel om lofliedere te sing vir die Kultuurkomitee en Ster-Kinekor se filmfees. Ek weier.

Ek gun die betrokkenes die eer vir hul harde werk, maar die sogenaamde filmfees is niks anders as 'n geldmaakskema nie. Kommersiële prente van 'n jaar of wat gelede word maar net weer herhaal en studente moet R10 per vertoning opdok. Dit is afkeurenswaardig in die lig van die pas afgelope Kaapse Filmfees, waar internasionale prente (ten duurste ingevoer) vertoon is teen R8 per persoon. Verder het ses kaartjies 'n gratis sewende een beteken en Computicket het selfs hul fooi vir besprekings opgehef.

Stellenbosch is anders. Haal die ou gunstelinge (?) van die rak af en sluit enkele "nuwe" lokettreffers in, terwyl die studente die winste laat inrol.

Die Labia-teater, wat binnekort in Birdstraat open, gaan 'n eindelose fees inhou. Dit verseker ten minste 'n alternatief, want 'n student se klagtes val normaalweg op dowe ore. *(Sien die berigte in Dag-en-Nag p I - Red)*

# Bou gees sonder om reëls te breek

**André van der Spuy, SR-Voorsitter, Stellenbosch, skryf:**

EK wil net kortliks reageer op die berig in *Die Matie* "Opgeskorte vonnisse ná dooppraktyke".

Die verslaggewer het 'n redelike vry vertolking van my onderhoud met hom geskryf. Ek het beklemtoon dat die strawwe deur sommige beskou word as "lig in die broek," maar dat dit myns insiens geregverdig is aangesien die Universiteit vir die eerste keer opgetree het teen koshuise.

Verder is die persepsie by baie koshuise dat hul tradisies - hoe edel die doel ook mag wees - binne die reëls en regulasies val van die Senaat, alhoewel dit nie die geval is nie. Administrasie het deur hierdie tugsake 'n waarskuwing gerig dat hulle moontlik in die toekoms strenger sal optree. Ek wil daarom vir Louis Terblanche ondersteun in sy voorstel dat koshuise krities saam met Administrasie moet kyk na hul unieke oriënteringsgebruike en of dit wel binne die reëls en regulasies val.

Ons moet die balans vind tussen aanvaarbare gebruik en 'n voortgesette sterk koshuisgees. Dit is die groot uitdaging.

# Eng sienswyses ongesond vir kerk

**P. Burger, Stellenbosch, skryf:**

KOOS se brief, "Nóg 'n perspektief op dinge" (*Die Matie*, 29 April) laat 'n mens dink.

Baie stof is al die afgelope paar maande in die Eikewêreld opgeskop. Marius Visser, ons goëlaar met woorde, het 'n plaaslike Salman Rushdie geword. 'n Rooi vlag in die NG Studentekerk laat die "tonge wapper". Vergeet nie van einste dié koerant wat deur vlamme geteister is nie. Ek sê feniks.

Noem ek dit 'n grondliggende intoleransie, dan lees tien studente minder *Die Matie*. Ek lees dat die SR-Voorsitter praat van "isolasie".

Wat bedreig gesonde, kritiese vraagstelling en logika? Is 'n Stellenbosse student in 1993 nie bereid om sy of haar vasgeroeste vooropgestelde idees te ondersoek nie?

Dalk moet hulle ook besef dat "Die vrugte van die Gees" ontbreek en hul knaende vingerwysing, woede, vyandskap, rusies, ensovoorts laat die kerk leegloop. Voordat iemand daardie etiket van godslastering en ateïsme om my nek kom hang, luister wat sê Salman Rushdie in sy *Satanic Verses*: "Where there is no belief, there is no blasphemy".

# Moenie vuil speel, speel eerder rugby

**Damestudente van die Bos, Stellenbosch, skryf:**

ONS is hierdie week al twee keer gewaarsku om nie alleen rond te loop nie. Sewe verkragtings in twee weke - en met die swaard van Damokles oor ons koppe loop ons in groepies op kampus rond.

Is dit werklik nodig? Kan een mens so min respek vir homself en sy medemens hê om hom seksueel op iemand af te forseer? Streel dit jou ego om naakte vrees te lees in die oë van 'n swakkere? Put jy satisfaksie daaruit as sy met haar hele wese skree om hulp? Geniet jy die sensasie van beheer as jy haar hele lewe verpletter? En as jy wegloop en nonchalant jou gulp toerits - besef jy dat jy 'n oopgerukte lewe agterlaat?

Daar is soveel plekke en geleenthede waar jy jouself kan bewys as man en jou krag kan bewys. Gaan neem deel aan daardie vyftienman boksgeveg wat hulle rugby noem. Ek is oortuig daarvan dat jy meer satisfaksie sal put uit vrees vir jou fisiese gelyke, asook uit die soete oorgawe van 'n gewillige seksmaat.

Manne, respekteer asseblief ons vroue en gun ons beheer oor ons eie lewens. Spaar ons die swaard van Damokles, selfverdedigingsklasse en gaspistole.

# KAMPUSMENINGS

## Die US was onlangs 75 jaar oud. Hoe dink jy sal die Universiteit oor nog 75 jaar daar uitsien?

Deur ANNA-RETHA KRIEL
Foto's: HELENA VAN ZYL

**Nico Basson**
Dit sal heel 'n ander opset as nou wees. Ek dink dit sal afhang van die rigting wat die politiek nou inslaan.

**René Vermeulen**
Swart en Engels!

**Helena Brits**
Die behoefte aan 'n universiteit sal altyd bestaan, so die US sal definitief nog daar wees. Hoe dit sal lyk, sal net die tyd ons leer.

**Gary Small**
Hopefully the university will be more integrated. I hope that the Tygerberg campus will be more part of the Stellenbosch student life.

**Pauline Klue**
Ek dink 'n mens sal dan groter vryheid hê om jou mening te kan lug. Jy sal die geleentheid hê om jou volle potensiaal te kan ontwikkel.

**Munja van Heerden**
Die standaard van die universiteit sal definitief laer wees. Ek dink die stelsel sal onregverdig wees, omdat blankes moeiliker as swartes toegelaat sal word.

**Frauke Rode**
Ek dink alles sal heeltemal Engels wees en Afrikaans sal glad nie meer 'n voertaal wees nie. Dit sal jammer wees. Verder dink ek die keuring sal baie streng wees.

**Karen Kannemeyer**
Hopelik sal dit meer demokraties wees, en nie so rassisties en sekssisties soos nou nie. Ek hoop dat Tygerberg meer lewendig sal wees en nie so dood soos nou nie.

**Natalie Jonas**
Hopelik sal dit meer Engels wees en nie so Afrikaans soos wat dit nou is nie.

**Tony Booysen**
Alles sal baie meer tegnologies wees.

**Christie Oosthuizen**
Die onkostes sal baie meer wees. Net die topmense sal dan kan swot.

**Christine Oosthuizen**
Ek hoop dat almal hier op Tygerberg hulle talent sal ontwikkel, want hier is baie.

**Silvio Suardi**
Swart, swart, swart!

**Janus Steyn**
Net miljoenêrs sal hier kan kom swot. Dit sal soos Beverley Hills 90210 wees.

**Gerrit van Niekerk**
Die hele Stellenbosch sal Tygerberg toe verskuif het.

**Nelis Zeeman**
Ek hoop hier sal meer fotokopieermasjiene op Tygerberg wees.

**John Morley**
There will be more freedom and political integration. The University will move with the times and conservative old Stellenbosch will have to change. Tygerberg will still be unique with its own individual character.

**David Tasker**
The whole place will be overrun by English. Up with the Souties!

**John Villet**
There will be more blacks.

**Donald Palmer**
I think the University will be more English. Maybe Natal by the Cape - another Last Outpost.

*** Kampusmenings is hierdie keer op die Tygerberg-kampus geneem.**



SILVIO SUARDI



RENé VERMEULEN



NICO BASSON



TONY BOOYSEN



DAWID TASKER



NATALIE JONAS

# Visser herinner nou aan Amerikaans-moralistiese sepies

**Heinrich Mödinger, Huis Marais, skryf:**

DIE Visser-debakel sal seker nooit heeltemal gaan lê nie. Die *Perspektiewe en Dinge* van die laaste paar uitgawes (veral dié van 29 April) noodsaak my egter om my mening te lug.

Die veel besproke, bevloekte ad infinitum rubriek het my ook ontstel, maar die optrede van Marius Visser se teenstanders het my oortuig dat hy tog iets lesenswaardig te skryf het. Ek kan dus nie anders as om gekant te wees teen sy beoogde afdanking nie.

Die rubriek het egter so vervlak in die rigting van Amerikaans-moralistiese verhaaltjies, letterkundige speletjies ens.

Marius, light vir jou 'n sigaret. Gaan sit. Dink diep en al kos dit nou 'n bietjie ongerief, skryf eerlik, opreg en sinies en los die moralisme vir die skrywers van goedkoop Amerikaanse sepies.

# Sokkiesale stroom steeds vol

**Anoniem, Stellenbosch, skryf:**

NA aanleiding van die brief geskryf deur Sarita de Vaal in die vorige uitgawe, wil ek die volgende sê:

Dit is moontlik om impressionisties en ekpressionisties in Afrikaans te skryf, sonder om die taal te verstik in 'n poging om Afrikaans so 'n bietjie studente-woema te gee.

Verder is die rede waarom mense na sokkiesale stroom heel waarskynlik dat hulle daarvan hou. Dit is immers die twintigste eeu - jy is vry om te doen net wat jy wil. Niemand gaan jou ook dwing om aan 'n man te klou as jy nie wil nie. Enige vrou kan tog haar self laat geld.

Wat die taksering van vrouens deur mans betref, moet daar besef word dat vrouens ook hulle skuldig maak aan hierdie aktiwiteit. Beoordeel jy nie mans op hul voorkoms nie?

Enige meisie met selfrespek en selfvertroue kan haar skoene uitskop en Stellenbosch geniet sonder om gedurig te vrees dat sy onderdruk of geteister sal word. Hoe intellektueel jy moet wees om te kopklop weet ek nie, maar ek gaan slaap eerder met seer voete as met 'n seer kop. Hoe Voortrekker-georiënteerd Stellenbosch is, is debatteerbaar. Waar kom jy vandaan? Bloemfontein?

# Die Matie

## Redaksionele Kommentaar

Donderdag 13 Mei 1993

## Wantroue verdwyn nie oornag

DIE beplande vredesoptog het na heelwat onmin verlede week uitmekaargespat, en dit is jammer dat weke se werk só moes eindig. Maar alhoewel die poging nie suksesvol was nie, was dit 'n leersame ondervinding vir almal betrokke en 'n betekenisvolle eerste stap na 'n verantwoordelike verhouding met die gemeenskap.

Vir die eerste keer het studente en vernaam die Studenteraad teen die wense van invloedryke partye ingegaan en, volgens alle aanduidings, ter goedertrou probeer om uit te reik na die gemeenskap van Stellenbosch. Dit is uiters belangrik dat die skeptici en kritici – en daar is baie van hulle – nie die belangrikheid en prysenswaardigheid van dié inisiatief onderskat nie.

Teoreties moet 'n optog vir vrede en demokrasie iets wees wat mense, ongeag hulle politieke affiliasies, byeenbring; dié konsepte is tog gemeenskaplike doelwitte van al die partye betrokke. Verder behels demokrasie ook 'n aanvaarding van die bestaan van verskillende standpunte en 'n bereidwilligheid om hierdie verskeidenheid van menings te akkomodeer.

Wat die optrede van die ANC-Stellenbosch betref, verwag 'n mens dat mense wat deur die jare vir demokrasie stry, die geleentheid sal aangryp om demokratiese beginsels, al is dit op 'n klein skaal, sal kan uitleef en saamwerk aan 'n simboliese gebaar soos 'n optog vir vrede en demokrasie.

Ongelukkig is hierdie tipe redenasie uiteindelik nie veel meer as 'n akademiese betoog nie, en loop emosies, veral emosies wat uit jare se swaarkry ontwikkel het, dikwels hoër as filosofiese argumente.

In die eerste plek kan daar nie ontken word dat veral die Nasionale Party-betrokkenheid by só 'n optog uiters problematies op 'n "grassroots"-vlak is nie. In 'n sekere sin is 'n optog vir vrede en demokrasie saam met mense wat vir dekades vrede en demokrasie onmoontlik gemaak het, byna ondenkbaar.

Tweedens sit ons met die probleem van 'n universiteit wat bitter min geloofwaardigheid in die gemeenskap geniet. Aan die een kant kan 'n mens nie wegkom van die historiese bande van Stellenbosch nie; is dit werklik moontlik vir mense verbonde aan 'n instelling wat vir jare die "think tank" van die apartheidsregering was, om nou te "march" vir vrede en demokrasie?

Dit is, aan die ander kant, op stuk van sake uiters moeilik om aan mense wat, om net te begin, 'n belaglik mindere opvoeding ontvang, te verduidelik waarom die universiteit nie hul hulpbronne effektief beskikbaar stel om die nood van die gemeenskap te verlig nie. Ons praat ook nie nou van die hele Wes-Kaap nie; is die universiteit dit nie ten minste aan die Stellenbosch-gemeenskap verskuldig nie?

Ten spyte van dit alles is dit van uiterste belang dat die versoeningspoging nie afgeskryf moet word nie. Ons moet weet dat dit 'n lang en moeisame proses gaan wees om ontslae te raak van die wantroue aan beide kante, en dis hier waar die prosedure wat gebruik gaan word, bepalend gaan wees.

Die Suid-Afrika van 1993 is die produk van arbitrêre besluitneming oor die lot van mense. Veral Afrikaners is nie daaraan gewoond om werklik te "consult" met dié mense wie se lewens ons besluite raak nie; ons verstaan nie eers wát dit is wat ons moet oorbrug nie. Sulke konsultasie beteken vernaam dat onderhandelinge nie binnegegaan word met 'n reeds-opgestelde agenda en plan van aksie nie.

Op 'n meer ideologiese vlak was hierdie gebeurtenis 'n uitbeelding van die stryd tussen twee demokratiese tradisies – die verteenwoordigende demokrasie wat wit Suid-Afrika vir hulself ontwerp het teenoor die deelnemende demokrasie van die vryheidsbewegings, waar daar voortdurend vir mandate teruggegaan word na die mense.

Dit help nie om naïef oor hierdie saak te wees, of ongeduldig te raak nie – demokrasie, veral in 'n land waar ons nog so min daarvan gesien het – is moeilik en tydsaam. Dit help ook nie om kortpaaie te soek nie. 'n Vredesoptog is miskien eerder 'n opsie as ons reeds 'n lang pad saam geloop het en dit die kulminasie van ons verbintenis tot mekaar is.

Uiteindelik is ons geslag nie verantwoordelik vir die gemors waarin ons ons bevind nie. Ons moet egter weet dat ons met 'n geweldige vertrouensagterstand werk, en dat daar uiters sensitief te werk gegaan sal moet word om saam iets konstruktief te verrig.

Laat ons nie sondebokke soek of net gekrenk voel omdat ons bona fides nie dadelik aanvaar is nie, maar voortgaan om uit te reik en ons agterstand in te haal. Miskien kan daar uit hierdie ondervinding meer ondersteuning vir vrede kom as uit die vredesoptog self.

# Kampusquotes

**"Partykeer sukkel dit maar om dosente aan die gang te kry."**
Junior regsdosent van die "Dis my eerste keer; ek weet nie hoe vinnig om te gaan nie"-faam 'n paar maande later

**"To make war for peace is like making love for virginity."**
Philosophy lecturer who shall remain nameless.

**"*Die Matie* is baie goed versorg uit joernalistieke en tegniese oogpunt. Ook die finansies van hierdie koerant is kerngesond en wat die sirkulasie betref is weinig klagtes ontvang."**
*Die Stellenbosse Student* (1963) met ene Andreas van Wyk as redakteur.

**"'n Mens sou dink dat Thatcher as vrou meer respek vir babatjies behoort te hê."**
Prof Sampie Terreblanche aan 'n derdejaar Ekonomie-klas.

**"My adviesstrokie sê vir my dat ek minder moet drink."**
Student by autobank.




# ...and the worms crept into his brain

**perspektiewe**
en
dinge
## marius visser

OM alleen te sit en te werk aan iets wat so sinneloos lyk laat mens hoop vir ontsnapping. Soos dat jy in die straat loop en 'n rol vyftigrande optel voor die kaffee. Jy hardloop huistoe en tel dit. Soos tagtigjariges wat liefde maak: verstigtig en met min hoop. Die tweede keer vinniger, maar nog steeds soos na 'n prostaatklier operasie. So devoleer jy tot jy weer nat en regop agter in 'n ou Mercedes sit en rondvroetel vir die klein gaatjie waar almal sê die hemel deur loer.
Twee Honderd Duisend Rand.
Kar...
CD-speler...
Belê...
Jy bel vir Frits, jou middeljarige makelaar-vriend en maak verskooning dat jy drie-uur in die oggend aandele in IBM wil koop maar volgens wat jy kan sien is dit besig om op te gaan so waar kan julle mekaar ontmoet? En jy notice nie dat dit twee jaar gelede se Sunday Times is wat vir die kat uitgesit is nie.

**"Ek wil wil wil 'n huisie en 'n vrou en kinders en 'n hond... nee... 'n kat hê en 'n paar skape en 'n melkkoei, maar 'n vaste maandelikse inkomste vir 'n woonstel en miskien 'n lening vir 'n kar sal okay wees."**

**"Ja, maar ek wil freaking ryk word. Ek is siek en tired vir sukkel. Ek wil nie elke maand worry oor of ek gaan eet teen die 26ste nie. Ek wil in 'n winkel in kan stap as ek iets nodig het en dit koop wanneer ek dit nodig het."**

**"Ek wil net 'n paar CD's hê en 'n paar boeke wat ek oor en oor kan lees. En 'n vrou."**

**"Koel, maar gaan jou vrou dit like as jy net die heeltyd boeke lees?!'**
**"Obviously sal ek baie aandag aan haar spandeer ook."**
**"Ja maar, ek bedoel: as apposed to actually working. Sal sy enige respek vir jou hê as jy nie werk nie?"**
**"Hmm... "**

**"Ons kan sê wat ons wil, maar almal van ons kom uit hierdie freaking westerse platoniese samelewing waar geld moerse belangrik is en meeste vroue sal dit dalk nie erken nie... meeste mense for that matter, maar hoe suksesvoller jou quest vir meer geld is hoe meer respected is jy."**
En dan word jou belegging in IBM skielik 2,6 mil dollar werd omdat Taiwan gebom word deur Japan en Ierland Tokyo annekseer. Jy kan jou ore nie glo nie. Dié keer is dit jou makelaar wat jou 3-uur in die oggend bel en sy stem vonkel op daardie spesifieke manier wat mense se stemme vonkel as hulle met iemand praat wat meer as een ligte vliegtuig kan koop.
"En so dis 2,6 mil werd en hoe de hel het jy geweet. Jirre dis nou luck, wat moet ek maak want dalk val die pryse weer. Hoorie my kind is nou in matriek en my verband is R600 'n flippin maand ek meen wat gaan dit nou doen as ..."
"Frits."
"Uhm.."
"Verkoopiteksoekiegeld."
"Maar..."
"!"
"Okay, maar..."
Short Sharp Click.

**"Ek kan ons soms nie verstaan nie. Ons is in die middel van al hierdie gunk en ons stress oor predikate. Enigiets om net te cope. Ons behoort moerse aktief besig te wees om hierdie plek reg te kry- 'n nuwe samelewing te bou en goed, maar ons mag dalk net ons Latyn tut-klas mis. Dink hoe koel sou dit wees as ons 'n march vir peace kan hou, ma... heeltemal, HEELTEMAL apol... ties. Almal kan hulle eie da... vlag bring en hulle eie kle... maar dan piekniek ons almal ... sing enige liedjies wat ons w... Niks speeches nie. Enige iema... wat moeilikheid soek word w... gejaag. Daar moet bouncers we... Enige iets wat net vir 'n verand... ring witmense ook passionate ... maak vir wat om hulle aanga... Ons hoef nie te toyi-toyi of vi... te skree nie. Ek glo in elk gev... nie in helde nie...**

En dan uiteindlik kan jy alles do... waarvan jy nog altyd net gedroo... het: jy koop 'n cottage in Oser... tory, jy gaan vir drie maande N... York toe, koop die bevangste CD... en Graphic Novels en video's en s... elke kunsgallery in Manhatten, ... dan kom jy terug en vra jou mei... om met jou te trou.
en
sy sê
nee
sy is verlief op die drommer van ... band van Grahamstown wat in ... commune bly en net 'n motorfiets ... 'n opgestopte nagapie besit.
Big Fat Hairy Suicide Deal.
*As jy my nou sien, sou jy weet. ... steek my kloue deur jou skedel. ... brein voel slap om my vingers en ... grawe teen die agterkante van jou ... Jou senuwees is sag soos die bloed ... my hand. Ek ken jou, jou dief. ... dade lê skoongewas in die sonsk... Ek sien die wit van jou kopligte ... hoor jou kinders skree. Ek voel jou ... jy voel my. Ek is in jou kop en ek ... jou bloed bevry. Die oomblik van ... dood is die enigste oomblik van ... lewe. Jou bewussyn krimp in ... palms van my hand en ek hoor h... weghardloop. Ek hoor jou voetsta... op die trap. Soos jy neerdaal in ... drome in volg my oë jou. En my ... glinster as hulle die bloedspoor v... Tyd staan stil. Vir jou sal dit die ... mele beteken. Vir my ruik jou de... na die hel. Ek is nie in die lig nie. ... is nie in die duisternis nie. Ek is ... wat ek is nie.*

Drome agter tralies p II



DAG en NAG

Donderdag 13 Mei 1993

Ja, ons Wonder ook p III



# Vryheid is op almal se lippe

Deur WALTER BUCHHOLTZ

JAARLIKS pak duisende US studente die pelgrimstog na die Labia in Kaapstad aan. Dit lyk egter nou of hierdie pelgrimstog kortgeknip kan word deur die moontlike vertoon van rolprente op Stellenbosch.

Dié rolprente sal in die Libertasteater vertoon word. Die rolprentafdeling van dié teater sal in samewerking met die Labia hierdie projek aanpak. Die Labia in Kaapstad sal die veranderinge behartig wat gemaak moet word om die rolprentafdeling van die Libertas uit te brei. Hierdie veranderinge behels hoofsaaklik die insit van nuwe sitplekke. Die Labia sal ook verantwoordelik wees vir die rolprente.



Volgens die voorsitter van die Libertas-teaterklub, mnr Piet Viljoen, is dit belangrik dat, indien daar 'n rolprenteater tot stand sal kom, dit bestuur sal word as 'n uitbreiding van die rolprentafdeling van die Libertas-teater. Dit sou soortgelyk wees aan die situasie tans by die Baxter. Daar is dus geen sprake van "'n Labia op Stellenbosch", soos beweer word nie. Verder het mnr Viljoen ook klem gelê op die feit dat die Libertas-teaterkomitee in volle beheer sal wees van die vertoon van rolprente by die teater. Die komitee hou hulleself ook die reg voor om met die nodige kennisgewing enige tyd 'n toneelstuk op te voer. Daar sal vier weke kennis gegee word voor die teater benodig word, en die klub sal dan die teater vir tot drie weke kon gebruik.

Indien daar dan uiteindelik 'n rolprentteater tot stand kom sal dit in samewerking tussen die Libertas-teater en die Labia wees.

Die Jaarlikse algemene vergadering van die Libertas-teaterkomitee is op 24 Maart gehou. Tydens die vergadering was die moontlikheid dat rolprente in die teater vertoon kan word, een van die belangrikste besprekingspunte. Die stoele wat gebruik gaan word vir die teater was 'n besondere probleem. Die Libertas-teater gebruik die vloeroppervlak tydens kabarette vir tafels en stoele. Indien die Labia betrokke sou raak by die teater, sal vaste stoele aangebring moet word op dié oppervlak. Om hierdie probleem te oorbrug, is stoele wat deur middel van groewe uitgeskuif kan word, oorweeg.

'n Verdere probleem wat bespreek is, is die feit dat die Bergzicht opleidingsentrum ook die teaterperseel gebruik. Die sentrum is nie bereid om die verantwoordelikheid te dra vir enige skade wat moontlik aan die rolprentteater aangerig kan word nie.

Almal by die vergadering was dit eens dat so 'n teater finansieel gunstig bedryf kan word. 'n Rolprentteater sal beslis 'n groter inkomste genereer as 'n gewone teater. Die veiligheid van die area rondom die Libertas-teater sal ook aansienlik verbeter weens die konstante toevloei van rolprentgangers. 'n Moontlike ooreenkoms met die Rustic Café en die vertoning van rolprente op Sondae het ook onder bespreking gekom.

Alhoewel die meerderheid van die lede van die teaterkomitee by die vergadering ten gunste was van 'n rolprentteater, is niks nog sover gefinaliseer nie. Slegs 'n voorlopige bewoording vir 'n ooreenkoms is nog voorgelê en daar word nog gewag vir 'n finale besluit van die Labia.

Mnr Les Edlin van die Labia het gesê ongeveer 'n honderd sitplekke kan in die ouditorium van die teater ingepas word. Dit sal die Labia ongeveer R80 000 kos om die Libertas-teater se rolprentafdeling uit te brei.

Dieselfde rolprente wat by die Labia en die Baxter vertoon word, sal ook in Stellenbosch vertoon word, maar sal nie noodwendig op dieselfde tyd by die twee vertoon word nie. Rolprente sal dus byvoorbeeld eers in Kaapstad draai en daarna op Stellenbosch vertoon word. Slegs rolprente in die kunsen kultuurgenré sal vertoon word.

Die pryse van kaartjies sal dieselfde wees as by die ander rolprentteater op Stellenbosch.



***Women behind bars* have been set free on the HB Thom Theatre's stage until 15 May. So for a healthy dose of existential escapism don't miss this outstanding performance. For more informatiom, read the review on p II.**

# Probleme knel US-filmfees

Deur HERMAN WASSERMAN

DIE films wat hierdie week op die Stellenbosse filmfees vertoon word, is nie eintlik die tipe films wat hulle graag op die filmfees sou wou vertoon nie, sê die SR-lid vir kultuur, me Carlé Sharp. Volgens haar sou die reëlingskomitee vir die filmfees eerder meer intellektuele films wou vertoon, maar vanweë verskeie praktiese probleme is hulle verplig om slegs Ster-Kinekor films, wat reeds op die landwye teaternetwerk vertoon is, te wys.

Aangesien die filmteaters op Stellenbosch almal aan Ster-Kinekor behoort, is die komitee nie toegelaat om films van byvoorbeeld Nu Metro of buitelandse filmmaatskappye te vertoon nie. Indien hulle dit wou doen, sou hulle die teaters by Ster-Kinekor moes huur teen R1000 per dag, wat 'n bedrag sou beloop wat nie binne hulle begroting val nie. Voorts wou Ster-Kinekor nie instem tot die vertoon van sogenaamde "kunsflieks" nie, omdat dit kwansuis nie 'n groot genoeg loketinkomste sou verdien nie.

Daar is toe onderhandel om die films wat op die Kaapse filmfees vertoon is, ook op Stellenbosch te wys. Die vind van 'n lokaal daarvoor was egter 'n probleem, en die Kaapse filmfeesraad wou nie toestemming verleen dat die films in die Ingenieursgebou (soos voorgestel deur die kultuurkomitee) vertoon word nie, omdat die beeld- en klank-kwaliteit dan te swak sou wees.



Ten einde laaste is daar toe besluit om films wat Ster Kinekor se goedkeuring wegdra te vertoon. "Waaroor ek goed voel is dat dit ten minste nie ou films is nie, en wat met een of twee uitsonderings ook nog nie op Stellenbosch vertoon is nie," het me Sharp gesê. Sy het die hoop uitgespreek dat die nuwe onafhanklike teater, wat waarskynlik binnekort op Stellenbosch sal open, in die vervolg die komitee in staat sal stel om films op toekomstige filmfeeste te vertoon wat gerig is op die intellektueel-gesofistikeerde kyker.

Hoewel daar lyste in die koshuise en PSO-wyke gesirkuleer is om studente die geleentheid te gee om voorstelle te maak ten opsigte van films wat hulle graag wou sien, kon daar nie voldoen word aan die meeste voorstelle nie, weens die probleme wat met Ster-Kinekor ondervind is. "Ons is net so gefrustreerd soos die ander studente, maar ons hande is afgekap."

# Sonja to make Maties sing

By NICHOLA MEYER

SHE'S a Cape person, says Sonja van der Walt, newly-appointed conductor of the Stellenbosch University Choir - which is why she is doubly thrilled to arrive in this "fairytale town".

Born in East London, Sonja started conducting choirs at the same East London high school that she'd attended. Although her university studies, under Lamar Crowson and Harold Rubens amongst others, culminated in her being a highly successful concert pianist, the headmaster of this school insisted that she conduct the school choir. So this is where Sonja began, probably never expecting then to become head of the music department at Kempton Park High School, 12-year conductor of the East Rand Youth Choir (that completed its fourth tour of Europe last year!), and eventually to be chosen as conductor of one of South Africa's top university choirs (yes - that's ours).

It is a drizzling Autumn afternoon, and Sonja sits in her office exclaiming how wonderfully "gentle" the rainfall is here. She is full of optimism about her new position, although she admits that it is a huge challenge to develop young voices, since only thirteen of last year's choir members remain. The new repertoire will still be focussed on quality music from all the different periods, even though Sonja does confess to having a soft spot for Renaissance Music. South African composers to be on the programme include the well-known Pieter de Villiers and P.J. Lemmer.

One of the goals of the choir management this year (chaired by Alison April), is to encourage a greater student audience with more accessible music in the Loopgang and at lunchtimes in the Endler Hall. Sonja would in this way like to establish the fine balance between the educational and entertaining role of the choir.

After the "world-class" Acama Fick, Sonja van der Walt is the second female conductor in the history of the US choir; we look forward to what she will achieve with the choir in the years ahead as she applies her philosophy of "shutting up and getting on with the job."

# Drome agter tralies

Deur LIZA GROBLER



Launa Kotzé and Liezl Wolmerans enact their feminist fanatasies in *Women Behind Bars.*

*WOMEN BEHIND BARS* is 'n eksistensiële toneelstuk wat spruit uit die filosoof Jean-Paul Sartre se stelling: "Hell is other people". Dit is geskryf deur die kontemporêre, onkonvensionele Amerikaanse dramaturg Tom Eyen.

Die ervarings van agt langtermyn vroulike gevangenes in die tronksituasie, en hoe hulle lewens inmekaar verweef word, vorm die basis van die storielyn. Dít dien egter slegs as metafoor in 'n veelvlakkige werk waar werklikheid teen fantasie afgespeel word. Die werklikheid funksioneer boonop op verskeie vlakke, en daar is 'n gedurige wisselwerking tussen die krasse realiteit van 'n lewe agter tralies en die fantasieë van die vroue wat hulle in die tronksituasie bevind.

*Women behind Bars* is 'n feministiese, uitlokkende, hoogs teatrale werk wat gesag en sosiale standaarde bevraagteken en die boosheid van die samelewing beklemtoon.

Die regisseur is Johan Esterhuisen en die spelers is Suzanne Smith, Ira Blanckenberg, Nadia Jacobs, Marleen Snyman, Franci Swanepoel, Lizal Wolmerans, Launa Kotzé, Marianne Stander, Christine Truter, Judy-Anne Deacon en Leon Swanepoel. Elain en Emile Aucamp is verantwoordelik vir die ontwerp en Emile behartig ook die beligting.

Ter aansluiting by die vertoning, is daar in die foyer 'n uitstalling van kunswerke deur Stellenbosse kunstenaars. Die skilderye, met titels soos *The Rape Room* en *Paper Doll's Paradise*, beeld die ervaringswêreld van vroue uit en bied uiters doeltreffende ondersteuning vir die toneelstuk.

*Women behind Bars* word van 12-15 Mei om 20:00 in die H BThomteater opgevoer.

Besprekings kan gedoen word by Computicet of voor vertonings by die kaartjiekantoor in die foyer van die teater.

# Mot verbrand sy sprokiesvlerke

BOEKE / BOOKS

OUTEUR Mot
UITGEWER Verba Vitae

## BOEK MOT OP GRIET

Deur ADÉLLE VAN WYK

"YOU show me yours and I'll show you mine" en "Haal uit en wys" en hy op haar en elke vrou wagtend op elkemotman, elke Motman en Mot Elkeman.

Daarmee is die titel, tema en enige moontlike intrige in Mot se sukkelverhaal, "Mot-op-Griet" afgehandel. Op die flapteks begin Mot vertelskryf van sy alleen-verlang-bestaan en sy sprook-fabelagtige verhaal waarna beide man en vrou moet leesluister: Hy openbaar-skryfgee dit net eenmaal. (En ek dank Mot daarvoor).

Daarvandaan weefvleg hy hierdie ontsettende samestellings deur sy fabelverdigsel totdat jy wil huilgil oor alles wat so halfmashangend is.

In hierdie... wel, Reaksie op Marita van der Vyver se suksesverhaal *Griet Skryf 'n Sprokie* is Mot blykbaar op soek na vereniging met die vrou. Dit maak nie saak watter vrou nie: die verwagtende vrou, die onderdrukte vrou, die geëmansipeerde vrou of sy eie vrou. Solank hy hulle net kan gebruik om vir Griet te wys wat seks regtig is en hoe holruggery ('skuus) haar shrinkstories en nikotienverslawing eintlik is.

(Anders gestel: As die tien-bladsylange orgasme jou nie prikkel om verder te lees nie, kan jy jou dalk nog verlekker of vererg oor die manier waarop hy Griet se sprokie vlakker lieg. As Griet se babas vier keer die wêreld dood binnekom, be leef Mot se ma vyf miskrame. En as Griet reken die pen is magtiger as die penis, lewer Mot se pouveerpen 'n pennevrug wat jy vir geen pen maat kan oorvertel nie.)

Mot se verhaal is nat agter die ore en droog verby. Hy kan nie uitge praat raak oor "waar babas van daan kom" en hoe kunsmatig kuns matige inseminasie vir hom is nie. Seks was deel van Griet se stryd. Vir Mot ís seks die stryd. Pas nadat hulle "weerwarmword wrywingvrywende bewegings" uit gevoer het wat lank genoeg aanhou om 'n brand te kan stig, "soen hy haar soos in die outydse flieke". Wat 'n ag-moeder-ige einde vir so 'n kor tasembymekaarkoms van Griet se sprokies en Mot se fabels. En dan nog die vermetelheid: "Sien Griet Dís seks."

"Stories is kerse in 'n andersins taamlik duistere wêreld vol verve lende... feite." So sê Mot. Dis nou na tuurlik as jy 'n storie hét om te ver tel en nie so naby aan ander se reeds bestaande kerse kom dat jy jou vlerke verbrand nie.

Met twee susters wat hulle mot boetie op vierjarige ouderdom na kend die waarheid laat beleef en ouers wat hulle kinders gelate in hulle sekskapades laat deel, kan 'n mens jou eerder voorstel dat die man pers sal dra en kerse heeltemal vermy...

Die skool het glo nie vir Mot gewerk nie en wat wél vir hom werk, sal Griet weet. Maar tussen 'n voorblad en 'n agterblad vermag hy niks beters as om die leser op sub tiele wyse te waarsku van nóg iets wat nie vir hom werk nie. "Good night Griet. Ek skryf nou twak."

# Bite into the big Blue Orange

GASTRONOMIE / GASTRONOMY

By CAREY BREMRIDGE

AND on the eighth day God gave us food and oh, was it good. Then He gave the franchise to The Blue Orange.

If you have been unsuccessful in finding good, healthy, wholesome food along the aisles of our local chain-stores, it is time to head off to The Blue Orange. Where? Well, let's just say opposite De Akker.

This farm-cum-coffee shop is offering fresh produce straight from the farm and straight out of the oven. It is similarly styled to the Old Cape Farm Stall, with wooden floors which reach up to the rafters strewed with bouquets of dried flowers, baskets, shelves packed tight with homebaked goodies, old-fashioned trinkets and bottled preserves. The atmosphere is homely, cottagy and country and reminiscent of a peaceful golden age.

Co-owner Nick Rootenberg says that they want to capture something of the past coupled with a disinctly European flair: enjoyable shopping where you know your grocer and can meet your neighbour to share your news over a cup of coffee.

Here one can taste the goodness from a menu that extends from healthy farmer's breakfasts to salads and sandwiches for lunch and for those of you for whom this is sounding all too healthy, waffles and ice-cream, scones, muffins and croissants are also available.

Something which can not be avoided is their "mix and match sandwich bar" where one can choose from nineteen different fillings such as peppered mackerel, french terrine, mozzarella and tuna mayonnaise, to place on homemade wholewheat bread.

Service is exceptionally friendly and prices reasonable to good. Open seven days a week from 8:00 to roughly 17:00, The Blue Orange is the place where, if the name alone doesn't invite you in to see what it is all about, the need for the taste of the good life will.

# 1993 Grahamstown Festival of Arts

THE Grahamstown National Arts Festival will take place from the first to the eleventh of July this year. This marks the tenth year that the festival has been sponsered by Standard Bank, which will be celebrated with two special concerts by the SABC Choir.

As before, it boasts the widest variety of fine - and performed arts at one event, showcasing the diversity of South Africa's cultural wealth. The program includes drama, music, dance, a film festival and a children's festival as well as art exhibitions and a winter school. Festivalgoers can also look forward to the usual interesting wares on offer at the Village Green Fair and PX Village.





Talentvolle skrywers: die lede van ASK (van links na regs) Cecille Mienie, Ria Meyer, Johan van Zyl, Kobus Burger en Sonja Loots is beloon vir die uitstekende kwaliteit vir hulle jaarlikse blad *penseel.*

# Veelsydige blootlê van kunstenaarsiel

Deur WILANI VAN WYK

VANAF 28 April tot 6 Junie sal daar 'n uitstalling van kunstenaar Paul du Toit se werke in die Sasol-kunsmuseum wees. Daar word 'n keur uit die oevre van du Toit ten toon gestel. Die doel is om opnuut hulde te bring aan die baanbreker van non-figuratiewe kuns in Suid-Afrika.

Stap jy deur die museum, sal jou eerste reaksie miskien skepties wees aangesien die werke moontlik abstrak sal voorkom. Dit mag voorkom asof hy net 'n klomp kleure op die doekoppervlakte gemeng het. Maar met sy werke moet jy nie na 'n blote visuele stimulering soek nie - jy moet emosioneel ook betrokke raak. En die emosie wat hy probeer uitbeeld het, waarneem, voel en interpreteer.

Van sy werke toon 'n sterk neiging tot Kubisme, asof hy sy inspirasie van Cezanne gekry het, veral sy stillewes en natuurstudies. Ander werke het weer 'n sterk Miro-ondertoon met Miro se bekende boontjievorme en kenmerkende lyngebruik. Tog neem Du Toit dié invloede en omskep dit in sy eie unieke styl.

DIE kerntemas van Du Toit se uitstalling is wording, groei, die oerkragte van die natuur en die skeppingsproses. Dus is daar 'n besondere omwenteling en ritme in sy werk. Sy wens was dat die toeskouer deel moet hê aan die ondervinding en dan sy eie ontdekkings maak.

Die uitstalling is 'n blootlegging van die siel van 'n groot kunstenaar en alhoewel Paul du Toit reeds ses jaar gelede sy kwas neergelê het, sal sy kuns bly voortleef.

# Coetzee se eiesoortige abstraksie

UITSTALLING Christo Coetzee
(Sasol Kunsmuseum)

Deur FRANCOIS JORDAAN

DIE onmiddellike indruk van die uitstalarea is een van verskeidenheid: verskillende kleure, groottes en formaat. Tog herken 'n mens onmiddellik dieselfde kunstenaar wie se werke in Admin A op die mure hang. Dit suggereer 'n kunstenaar wat, te midde van diversiteit, steeds 'n persoonlike stempel afdruk.

Diversiteit is daar beslis: 'n mens kan heelwat invloede bespeur, maar ek huiwer om hom eklekties te noem. Die hoofstrominge blyk godsdienstige en mitologiese simbolisme te wees, maar dit vloei deur 'n groot verskeidenheid van hoofsaaklik abstrakte benaderings, van amper minimalisme tot 'n drie-dimensionele landskap van verf en voorwerpe. Dit is juis die gebruik van 'n groot verskeidenheid media wat diè kunstenaar tipeer.

Die kunstenaar gebruik baie relatief eenvoudige materiale en tegnieke soos 'n droë veltpen, geskeurde papier, "masking" en verf net so uit die buisie. Met 'n uitstekende sin vir komposisie en kleur gee hy dikwels die indruk van 'n presiese, ingewikkelde tegniek soos sifdruk, marmering en selfs "string sculpture". Wanneer hy weer in olieverf werk, het hy net so 'n verskeidenheid tegnieke. Suiwer, primêre kleure word dikwels in groot kwashale gebruik, maar dikwels teen 'n somber gryserige agtergrond. Dit word partykeer gekontrasteer met 'n stippel (wat 'n kenmerk is van sy werk) of stensilpatroon, of verf net so uit die buisie soos inklyne of draadkonstruksies. Partykeer gebruik hy dun kleure op verwronge papier, en partykeer weer dik impasto. 'n Menigte van oppervlaktes word ingespan, van goiing tot hout, wat dan aan die hoofoppervlakte geheg word. Al is sy styl baie kragtig en direk, sou ek dit nooit Ekspressionisties noem nie, aangesien die kleure veel eerder simboliese as emosionele betekenis het.

'n Baie belangrike aspek van Coetzee se styl is sy vermoë om in drie dimensies te werk. Enkele van sy werke neem 'n sekere vloerspasie op, maar meestal is dit steeds op die vertikale skildery-basis. Die oog word baie maklik geflous deur geverfde areas (dikwels in 'n rooster formaat) wat in der waarheid rofweg bo-oor 'n ewe gedetalieerde onderlaag geplak is, en 'n hoogs presiese indruk skep. Baie werke is ook reliefkonstruksies van geverfde oppervlaktes soos plank en perspex (nog 'n tiperende Coetzee-element), dikwels baie groot. Persoonlik vind ek meeste van diè werke bra lelik. In ander gevalle word daar byvoorbeeld slegs geverf op 'n konvekse oppervlakte, wat baie effektief gebruik is in sy mandala-agtige "Approaching stars". Drie-dimensionele voorwerpe soos tou, draad en muntstukke word ook somtyds in die werk geïnkorporeer. Coetzee kan ook spog met 'n werk waarvan die medium beskryf word as "Oil and typewriter on canvas." Daar's ook een met 'n fiets...

Van die motiewe in die skilderye wat die meeste voorkom, is 'n slang, 'n hond, en menskoppe (nie portrette nie) - laasgenoemde veral in sy mees onlangse werk. Dit lyk asof mitologiese simboliek gebruik word (die naaste wat hy kom aan primitiewe of Afrika-motiewe), en die titels van baie werke roep die religieuse op. Die uiters geësensualiseerde, sterk menskoppe (partykeer amper Punk-agtig), in direkte media soos gedrupte verf, het my die meeste beïndruk. Ek weet nie of hulle enige betekenis het nie, aangesien hulle almal eenvoudige titels soos "Red Head" het. Dit geld ook vir meeste van die groot, ingewikkelde skilderye met menskoppe wat 'n mens begroet as mens die uitstallokaal binnegaan. Daar is ook 'n enkele landskap-skildery, wat baie mooi is, een of twee goeie stillewes en 'n paar oninteressante portrette.

# Just fun and games for big babies

RUNNING the country is mere child's play, or so the big bald babies in charge would have us believe. Take all the negotiations, for instance – a kiddies party with plenty of fun, games and prizes to be won. GOODY! Now we can don our favourite drab suits, our striking designer "struggle" T-shirts, leopard skins, khaki safari pakke and join in the fun.

Not so fast.

You have to be invited first, kiddo. You can't just gate-crash or something. This isn't any old party, you know. This is a *multi-party conference*. It's *exclusive* – only for the *really* popular kids who bring the nicest gifts. They're *special*, you know. Invitation strategy is important – you can't just invite *any* joe soap and you have to make sure that those invited are rich, influential and will return the favour when their turn comes around.

Now these kids are really power-hungry. They gather around the table wide-eyed. So many things to consume in so little time. They've got one hell of a cheek, you know. But I suppose that's necessary in order to have the capacity to shove all that in their mouths like that and still bullshit you at the same time. And after they've had their mouthfull, they still pack their pockets until they bulge – favours for the family and friends. The imperative here is: take as much as you can while the sun shines and STUFF THE REST.

Then the cake arrives. They all climb in and squabble heatedly over the size of the slice which they think is rightfully theirs. We watch and hold our breath as they waste theirs. All the hot air and the chewed-up leftovers of the past are spat about until these enlightened few manage to snuff out any flicker of hope that the candles promised, while we are left to ponder over the smokey remains.

And then the fun and games start.

First up is called "Pass the Hidden Agenda". While the music plays, the mysterious parcel of ulterior motives is passed and handled by all the kids, who look at each other suspiciously, each wondering what will be revealed beneath the layers and layers of pretty rhetoric. Then something happens. A national disaster usually. The music stops and all eyes focus on the scapegoat who has the hidden agenda in his hands. The kid is forced to remove the last layer to expose a perfumed rubber (sorry *eraser*) – to wipe the slates clean? The music starts up again and the rhetoric continues.

Next up is a particularly controversial game called "Follow my Leader" which usually results in total anarchy. Everybody wants to lead and nobody wants to follow. If the leader says "do *this*" then the rest put their hands on their hips, shake their heads vehemently and do *that*. But the kid with the hidden agenda in his pocket has a simple, though short-sighted solution. If you don't like a leader, all you have to do is point your double-barrel surname in his direction and get shot of him, or better still, get some displaced Pole to do the job for you.

Another popular passtime is "musical statues". In this game everybody negotiates away, though always anticipating another one of those inconvenient (or convenient, as the case may be) national disasters. It happens. The music stops and all activity is frozen in its tracks. Everyone stubbornly refuses to budge, knowing that the most stubborn will eventually win the prize. If you dare move, foreward or back, you're simply left out of the reckoning.

It's an intrigueing game for the players but bloody tiresome for the poor spectators. The game can become quite stressful and impact negatively on your health. One kid was so determined to stall the process and stood so still that even his heart stopped beating.

And then there is the old favourite, Donker Kamertjie. But this version is different to the one that you and I play. Here all the children, blinded by prejudice, are crowded into a dark room to find someone or something that will remove their blindfolds and help them see the light. But, alas, all they find is each other and that's no good. They're all lost. Besides, being blindfolded and floundering in the dark, it's a bit difficult to see eye to eye on any issues.

The highlight of the party is undoubtedly the treasure hunt. All the children frantically ransack the garden, killing flowers, flattening shrubs in search for that elusive treasure. Of course they all subscribe to the maxim "finders keepers" and don't spare much of a thought for the losers or the weepers. *They* don't count, you see. *They* aren't clever enough or ruthless enough to tear the place apart to find the treasure. Either somebody is playing a malicious trick on them and there is no treasure and they're all on a wild straw-clutching chase in search of "the solution" when there isn't one or, the more likely alternative, the treasure *is* there but they, in all their blind stupidity, are incapable of finding it.

Anyway, they eventually go to their comfortable homes after their exhausting havoc-wreaking afternoon and watch themselves on KTV, leaving behind a shambles which somebody else will clean up. All that's left for the rest of us is ruin, a few mouth-mauled jelly babies, a crumbled cookie and a whole lot of nutcases.

**Striptease**



**Liza Stewart**

# Sex, death and fate

By LEIGH-ANNE GOULDING

WHILE most of the students surrounding us in the smoke-filled Neelsie look as though they can barely summon up enough strength to down their coffee, aspiring playwright Andrew Goldstone is full of energy. This BA-student plans to stage his first play in October.

The play is called *Confessions* and Andrew sums it up as "in a nutshell - sex, death and fate." The plot revolves around a game of Russian Roulette orchestrated by a brilliantly demented playwright. The characters, each facing the risk of death, make certain confessions which form the meat of the plot. Andrew hopes to stage *Confessions* at the Somerset West Playhouse Theatre. He aims to direct the play as well.

Andrew said that the play had taken about a month to complete. He does most of his writing "at about two or three in the morning" and draws his inspiration from aspects of his own character as well as from striking features that he notices in others. He mentions a short story that he wrote about an ape in an apartment block -too terrified to look out of the window and make contact with the outside world. "When I wrote that I was thinking about becoming a recluse - you know - thinking deep thoughts and all that kind of thing, " he grins.

He identifies with his characters to the extent that he sometimes struggles to switch back into day-today living mode. "I have to say to myself 'Hold on! THIS is reality!"

Andrew wrote and produced his first play while he was still at school. He looks a bit sheepish when I ask him about it. "I don't even want to mention it. You know what you're like when you're at school..."

In addition to his plays, Andrew writes poetry and short stories, some of which have have published in magazines in the United Kingdom. He finds the South African market to be very limiting to the aspiring writer. "I'm more of an author's author, not a people's author. I suppose if you want to make money you have to bastardize your work. The tricky thing is managing to keep your professional integrity while still satisfying the masses."

In his spare time, Andrew brings relief to the parched throats of Somerset West in his role as barman at a local pub. He is also involved in Mystery Weekends at the Lord Charles Hotel. "Basically, its just a life-size version of Cluedo". Andrew has the task of leading hordes of amateur detectives astray as he assumes the guise of various characters involved in the mystery. He is also a keen actor and has appeared in productions staged at the Somerset West Playhouse Theatre. He received an award for best lead in the production *Dear Delinqent* staged last year.

And his plans for the future? "I want to tour the world, write a book and destroy the greatest thing that I ever created." He ends off by voicing his desire to surf a 20 foot wave with an unpronounceable name (that this non-surfer was unable to record.) Anyone who can excitedly visualize the adrenaline rush of surfing a 20 foot wave whilst surrounded by abandoned Neelsie chips and crushed polystyrene cups has poetic vision indeed.



**In die kabaret *Wonder* gesels karikature én realistiese figure met ons en word ons bekend gestel aan die absurde en die gewoon belaglike.**

# Van sprokies en vliegrampe...

**FILM ACCIDENTAL HERO**
**REGISSEUR Stephen Frears**
**MET Dustin Hoffman, Andy Garcia en Geena Davis**

Deur ADÉLLE VAN WYK

AS Sneeuwitjie vroualleen met sewe mans in een huis kon woon en haar grootste probleem 'n appel in haar keel was, kan die Goeie Feë seker 'n mislike klein sakkeroller wees...

Bernie la Plante (Dustin Hoffman) is by jammerkry verby. Sy goedhartigheid is te goed om waar te wees (dit is nie) en sy geldobsessie te aangeplak om te oortuig. Nadat hy twee handsakke én 'n beursie vol geld geledig het, en vier-en-twintig mense uit 'n vliegtuig gered het, kry hy die blues oor sy verlore skoen en sy Pantoffelregeerder by die huis.

'n Joernalissie (Geena Davis) wat óók ridderlik deur Mr No-Name gered is, besef die oomblik dat sy haar oë oopmaak, "there but for the grace of God..." en begin 'n soektog na hom. Met die goeie ou toeval op al die regte plekke, slaag sy daarin om hom heeltemal met iemand anders te verwar en 'n skurk te skep wat almal se harte week en knieë lam maak. Die held s'n ook.

Wanneer Vlug 104 se oënskynlike held hom begin ontferm oor die maatskaplike wantoestande in sy omgewing, vergeet speler én kyker van Bernie in al sy lamsakkigheid. En simpatie met hom keer nie weer terug nie.

Die kontraste tussen eerlik en oneerlik, goeie - en hoegenaamd geen inbors, goeie en swak toneelspel, is irriterend prominent. Die "waar-jy-gaan-sal-ek-gaan"-tema is al holrug gery, maar dit word nogtans meer as twee keer onder jou aandag gebring. Daarom red hulle mekaar se lewens vir ewig.

Accidentally vind 'n mens nooit uit wie nou eintlik die held is en of Dustin Hoffman se lengte nie tóg maar 'n kameratruuk is nie.

## Poppekaspret

Deur JOHAN VAN ZYL

BY die dramadepartement is poppe lank nie meer gewone poppe nie, nie supersimpel Barbies of Kens nie. Dáár word poppe mense met persoonlikhede. Die pas van *Skoonlief en die Ondier* is miskien 'n bietjie stadig, maar die twee goudmal slette, Martina en Hendrina, is 'n ware fees. *Wie is in konyn se huis?* is 'n eenvoudige storie met baie trefkrag. Hier het veral die bulderende Lang Een in Tannie Konyn se huis sy ding in die hoogste versnelling moontlik gedoen. Die spelers het hope talent, speel heerlik energiek en die poppe (gemaak deur Martelize Kolver, Marné Strydom en Erik de Waal) is pragtig. Die eenvoudige klank- en ligeffekte moes sekerlik die kinders beïndruk het.

Volgende keer kan hulle 'n nuwe storie kies: heelwat snotneusies weet lankal dat dit 'n ruspe is wat in Tannie Konyn se huis skuil.

# Wonder werk

Deur LOUISE ERASMUS

LOUIS ARMSTRONG se woorde is heel gepas som die kern van die kabaret *Wonder*, wat tans in Stellenbosch opgevoer word, op te som: "It seems to me it ain't the world that's so bad, but what we're doing to it ... we, what a wonderful world it would be, if only we would give it a chance ..."

In die kabaret, wat die skoonheid van 'n bont Suid-Afrikaanse landskap skets, word ons herinner dat ons almal in Suid-Afrika die *land* met mekaar in gemeen het en word meer as net die politieke en die seksuele aangeraak. Reeds aan die begin van die kabaret word die verskillende politieke vlae begrawe voordat daar oor grense en die geskiedenis heen uitgereik kan word.

Soos 'n tradisionele kabaret gesels karikature en realistiese figure met ons en word ons bekend gestel aan die absurde én die gewoon belaglike. Die kabaret wil egter nie die kabaretganger se optimisme smoor nie, maar wil net hê dat met oop oë na die realiteit van die wêreld gekyk word.

'n Nederlanse engel word na die aarde gestuur om sy geliefde riviere te kom red, maar "ou Niek neuk aljimmers in die ballbearings vas". Suster Mildred los haar praatjies oor seks en aborsie en spring ook op die "green peace wagon", waar almal voor stok gekry word oor die osoonlaag en ander derglike sake. Ook die hartseerste kant van ons wêreld word geskets, soos duidelik te sien is in die oorlogstoneel me[illegible] die kind en die pop.

*Wonder* word deur die tweetalige, nie-rassige teatergroep Scenario van Margit Meyer-Rodenbeck en Eugenie Grobler aangebied. Hulle het albei hul honneursgrade in drama aan die US voltooi. Di[e] groep spits hulle op kabaret, op voedkundige - en kinderteater toe. Met spel deur Pedro Kruger en musikante soos Adèle Marais, Leona[rd] Bredenkamp, Karel Verhaf en Marius Strydom is *Wonder* 'n kabaret waarvoor uitgekyk én na gekyk moet word.

# KAMPUSKALENDER

## TEATER

### Baxter
From May 12: *Shadowlands*, a love story directed by Keith Grenville with performances by John Carson and Shirley Johnson.

### Paul Roos Gym
12,14 May: *Memoirs:* The Broadway Collection.

### Nico Malan
22 May-19 June: *Hair*, a nostalgic musical trip back to the hippie sixties with all the favourite hits of the flower-power era.



### HB Thom
12-15 May: *Women behind bars* is a feminist fantasy set in a women's house of detention in America on New Year's Eve 1952. From an original idea by Jean-Paul Sartre and Bernie Glückman.
17,18 26, 27 May: *Die Koningin en die nar* will be performed in the cellar.

### New Victoria Theatre
From 27 April: *The good old days* , a Victorian music hall show.

### Dock Road Theatre
Until 15 May: *The Show's not over 'til the fat lady sings* directed by Mark Fleishman, direct from the Hong Kong Festival. This is a play about a woman who is a victim of her voracious appetites, her dreams, demons and desires...

## MUSIEK

### Endler
15 May: Martino Tirimo, the brilliant pianist, will be perfoming pieces by Schubert, Lizt and Schumann.

### Nico Malan
15 May-4 June: Puccini's *Madama Butterfly.*

### Baxter
At the Concert Hall:
31 May: William Wolfram – acclaimed American pianist.
15 May: The UCT Symphonic Jazz Orchestra
22 May: Opera is fun, directed by Angelo Gobbato, featuring the students of the UCT Opera School.

## FILM

### Baxter
17-23 May: The following films will be screened: *Indecent woman, Cool World, Unforgiven, Storyville, La*




*Discrete, My Cousin Vinny, Naked Lunch, Lorenzo's Oil, Do the Right Thing.*

### Cape Town Film Society
30 May: *Die Marquis Von O*

### Labia
17-23 May: THe following films will be screened: *Casablanca, Storyville, Delicatessen, Rachel papers, Rozencrantz and Guildernstern are dead, Dr Giggles, Unforgiven, Body of Evidence, Powaqqatsi, Monty Python and the Holy Grail.*

### Stellenbosch Film Festival
13 May: *Salt on our Skin, The Great Dictator, Chaplin, Grand Canyon, The Unbearable Lightness of Being.*
14 May: *I don't Kiss, A Few Good Men, The Player, Rhapsody in August, Voice of the Moon;*
15 May: *Sister Act, Rambling Rose, Grand Canyon, Ghandi .*
17 May: *My Fathers Glory, My Mother's Castle, Voice of the Moon, At Play in the Field of the Lords;*
18 May: *A few Good Men, Rhapsody in August, Rambling Rose, The Player;*
19 May: *Sister Act, My Father's Glory, My Mother's Castle, At Play In the Field Of the Lords*

## KUNS

### US Kunsgalery
18 May-10 June: Olivia Scholnick
17 June- 8 July: Louis Jansen van Vuuren

## DANS

### Nico Malan
1-5 June: The Sleeping Beauty
21-29 May: Three Ballets in one: *Les Sylphides, Vier Letzte Lieder, Divertissements*



## VERENIGINGS

### Wine Culture Society
13 May: Bellingham
14-15 May: Koopmanskloof
18 May: Vriesenhof
22 May: Groot Constantia
25 May: Bergkelder
27 May: Alphen
1 June: Landskroon
3 June: Thelema

# Matie Movies

## Howards End ****
Die film is 'n epos wat vertel van d gryse Japanese ouma wat op 9 A gustus 1990 die dood van haar m gaan gedenk wat 45 jaar tevore sterf het met DIE BOM oor Naga ki. Dit vertel van hoe daar 'n br kom waarin 'n veramerikaansde panees haar nooi na Hawaii. man sê hy is haar lankvergete bro Die epos vertel ook van hoe die vi se kleinkinders, wat Amerikaa jeans en T-hempde dra, die oorlo monumente in die stad besoek besef dat hulle deel is van 'n ges wat alles vergeet het.

## Rhapsody in August
Aan Emma Thompson definitie Oscar. Maar hoekom vier sterre die prent? Die eerste drie sterre omdat die prent nie Amerikaan nie.

## At Play in the Fields of the Lord ****
Dis die Amasone en sendelinge Katolieke en Niaruna Indiane. Westerse geloof en inboorlingtra sie. Dis Indiane-oorlewing en g dontdekking. Dis lank en brilja Dis 'n teenvoeter vir *The Mission*

## My Father's Glory *****
Ware kuns is eenvoudig. *My ther's Glory* is eenvoudig. *My ther's Glory* is mooi en skoon en skuldig. Dis die trots van 'n j seuntjie vir sy pa. Dis die trots die filmfees.

RYAN HITCHCO




**Weet jy iets wat ons moet weet? Skakel Die Matie by 72332 of 5979**

**VERSKONING**

Die Matie vra om verskoning vir verkeerde inligting in die Upstairs-advertensie van 29 April. Daar was geen bedoeling om 'n wanindruk te skep nie.

**UPSTAIRS**
NOW FULLY LICENCED
TONIGHT
There is no peace march, but we have a peace party
* TWO BANDS PLAYING *
– DROSTERS
— DNA
* CARLING BLACK R2,00 *
Friday 14th:
VALIANT SWART
Saturday 15th:
BLACK ROSE
Wesnesday 19th:
THE DOLLY ROCKERS
LIVE BANDS EVERY NIGHT
SOUTHERN BLUE COMING SOON
Look out for info on campus
134A BIRD STREET • ABOVE DISKOM • TEL. 4195

# Goldfields: Oorblyfsel van apartheid?

## Ontevredenheid heers steeds oor die rasse-status van Goldfields-koshuis

**Die omstrede rasse-kwessie rondom toelating tot Goldfields is steeds 'n brandpunt van bespreking vir die inwoners. Die Universiteit se beleid sedert 1990 is egter dat alle koshuise oop is vir enige student, ongeag sy of haar ras. LIZA ALBRECHT het gaan ondersoek instel om uit te vind of Goldfields werklik 'n nie-rassige koshuis is.**



Foto: Helena van Zyl

IN die donker jare van apartheid, toe wit universiteite soos Stellenbosch nog deur apartheidswetgewing verbied is om gekleurde studente saam met wit studente in dieselfde koshuis te huisves, is die Goldfields-koshuis op die Matiekampus geopen, spesifiek om sogenaamde swart studente te huisves.

Dit was in 1987. Hoewel apartheid amptelik dood is, is Goldfields vandag nog steeds 'n sogenaamde "Kleurling-koshuis" - nie omdat die studente dit so wil hê nie, maar omdat die owerhede dit skynbaar goed dink om dit 'n "Kleurling koshuis" te hou, sê Gregory Botha, primarius van Goldfields en eertydse lid van die Studenteraad.

Gregory wys daarop dat alle koshuise volgens die Universiteit se nuwe beleid sedert 1990 oop is vir enige student ongeag sy of haar ras. Dit is wat op papier staan, maar dit gebeur nie so in die praktyk nie, sê hy. Hy wys daarop dat daar deesdae wel enkele swart studente in wit koshuise opgeneem word, maar in Goldfields is daar tot dusver nog nie 'n enkele wit student toegelaat nie - hoewel Gregory persoonlik weet van wit studente wat al spesifiek aansoek gedoen het vir verblyf in die koshuis.

Hy het die aangeleentheid al verskeie kere met die Universiteit se administrasie en met die rektor bespreek. Hulle het vir hom die versekering gegee dat daar geen manier is waarop die administrasie bloot volgens die aansoekvorms kan bepaal of 'n student wit of swart is nie.

Gregory het egter sy bedenkings.

"Volgens Administrasie is die Universiteit se aansoekvorms sedert 1990 so verander dat ras nie meer daarop aangedui word nie. Maar dit is vir hulle baie maklik om te bepaal of 'n persoon gekleurd is of nie, bloot deur te kyk na die naam van die skool waar hy of sy matriek geskryf het."

Gregory glo dat die Universiteit nog steeds hierdie metode gebruik om 'n subtiele vorm van rassediskriminasie toe te pas wanneer studente in koshuise geplaas word. Hy glo ook dat daar op hierdie manier verseker word dat Goldfields 'n "swart koshuis" bly. Hy het al met die rektor gaan praat en gevra dat die verwysing na 'n voornemende student se skool heeltemal van aansoekvorms verwyder moet word. Dit sal verseker dat studente op 'n baie meer demokratiese manier, ongeag hulle kleur, in koshuise geplaas word.

"Solank Administrasie wit en swart studente van mekaar weghou, sal ons mekaar nooit werklik leer ken nie. Studente leer mekaar nie noodwendig op die sportveld of in kultuurverenigings ken nie. Die vraag is wat gebeur ná die sportbyeenkoms: Gaan 'n wit student na die tyd by 'n swart student in sy kamer gaan tee drink en koek eet?"

Gregory glo nie dat nie-rassigheid werklik vir die Universiteit van Stellenbosch 'n saak van erns is nie. Daar word byvoorbeeld glad nie op briefhoofde aangedui dat die Universiteit nie-rassig is nie. "Swart studente op skool dink nie aan Stellenbosch as moontlike Universiteit om heen te gaan nie. Hulle dink die Universiteit van Stellenbosch is 'n wit Universiteit."

Mnr Douglas Davis, assistent-direkteur van Openbare Betrekkinge, beweer egter dat voornemende studente se ras glad ie in ag geneem word wanneer hulle in 'n koshuis geplaas word nie. Ook die hoof van Koshuisadministrasie, mnr Dawie Malan, sê dat die aanduiding van waar 'n voornemende student gematrikuleer het, geensins 'n rol speel by die indeling van voornemede studente in koshuise nie.

Aan die vooraand van die eerste verkiesing vir 'n nie-rassige tussentydse regering vir Suid-Afrika, glo Gregory dat die probleem van rassisme op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch ook aandag moet geniet. "Jy kry rassisme oral, selfs by UCT en UWK. Daar kry jy selfs rassisme tussen bruin en 'African' studente. Dié is maar net 'n ander vorm van rassisme.

"UCT het hulle egter verbind tot die bekamping van rassisme en ek vermoed dat Stellenbosch dit ook gaan doen. Ons moet egter onthou dat ons besig is met 'n opvoedingstaak en nie 'n polisiemanrol nie. Ons probeer mense se harte verander. Indien jy op 'n polisieman wyse probeer om mense daarvan te weerhou om rassistiese dade te pleeg, mag dit dalk net vererger."

By Goldfields word daar moeite gedoen om 'n kultuur van gesamentlike besluitneming en demokrasie te skep. Terwyl ontgroening elke jaar 'n storm van protes op die kampus veroorsaak, was dit nog nooit 'n probleem by Goldfields nie.

"Goldfields het 'n eie wyse van 'ontgroening'. Wanpraktyke word egter stewig vasgevat," sê Gregory. Daar is 'n uitstekende verhouding tussen seniors en eerstejaars en almal word as gelykes behandel. Rassisme en seksisme word ook nie in die koshuis geduld nie.

Goldfields is die enigste koshuis op Stellenbosch waar mans en vroue saam gehuisves word. Wanneer die Huiskomitee gekies word, word daar nie noodwendig 'n gelyke aantal mans en vroue op die komitee verteenwoordig nie. Die verkiesing word heeltemal demokraties gehou en geslag speel geen rol nie.

Hierdie demokratiese kultuur word verder uitgebrei deur middel van 'n beleidstuk wat sal bepaal hoe die koshuis in die toekoms daar sal uitsien. "Dit is beleidstuk wat met elke persoon in die koshuis bespreek. is. Daar is nog nie besluit hoe ons dit gaan implementeer nie, maar daar bestaan ten minste 'n stuk papier – 'n raamwerk waardeur ons vorentoe kan beweeg."

Voorts hoop die Huiskomitee om ook van die Universiteit 'n onderneming te kry dat daar hoegenaamd geen veranderings aan die koshuis gemaak sal word sonder demokratiese onderhandelings met die inwoners van die koshuis nie. Daar bestaan byvoorbeeld sterk gevoelens in die koshuis dat Goldfields nie in 'n koshuis slegs vir senior studente omskep moet word nie.

Gregory sê die studente van Goldfields voel baie sterk daaroor dat die koshuis in die toekoms net in een opsig moet verander naamlik dat dit ook in die praktyk nie-rassig moet word. As 'n wit student aansoek doen om tot die koshuis tegelaat te word, dan moet dit gebeur, sê hy. "As Goldfields oorstroom word deur wit studente is dit 'just too bad' - dit is mos hoe demokrasie werk."

# Verdeeldheid knou werkersmag van US

**Verdeeldheid tussen die werkers van die US knou tans hul bedingingsmag oor onder andere salarisverhogings. Die afgelope weke het die breuk duidelik gewys toe die twee werkersorganisasies 'n "pamfletoorlog" gevoer het wat deur beide as smeertaktieke beskryf is. MICHAEL JONAS en SYBRANDUS ADEMA het ondersoek ingestel na dié en ander algemene probleme wat swart werkers raak.**

DIE swart arbeidsmag aan die US word grootliks deur twee organisasies verteenwoordig: die Werkersvereniging en die Transport en General Workers Union (TGWU). Laasgenoemde het 'n werksooreenkoms met die Administrasie rakende sake soos die reg om te organiseer, salarisonderhandelings, stakings, afdankings en het die reg om Administrasie in die howe aan te veg. Aan die anderkant word die Werkersvereninging beskuldig dat hulle 'n verlengstuk van Administrasie is en "slegs oor sake soos klere kan praat, maar geensins oor geld mag onderhandel nie."

Volgens 'n *shop steward* van die TGWU, mnr Davy Julies, "bluf die verenigingsleiers die werkers deur voor te gee dat hulle oor salarisse onderhandel, terwyl hulle eintlik bloot net aanvaar wat Administrasie vir hulle sê."

Die sekretaris van die Werkersvereniging, mnr Boy Adams, verwerp dié aantyging, want volgens hom het die vereniging ook 'n bedingingsmag aangesien "ons die onderskeie kursusse geloop het om die nodige bedingingsvaardighede aan te leer."

Vir bedingingsdoeleindes is die werkers in talle afdelings verdeel, naamlik Fakulteite, Kampusbeheer, Instandhouding, Neelsie, Koshuise en Tuine. Slegs waar die meerderheid van die werkers binne die afdeling aan die TGWU behoort mag die unie namens hulle vir salarisverhogings beding. Dit is vir laasgenoemde twee afdelings se unielede waarvoor die unie verlede jaar 'n verhoging van vyftien persent kon beding. Alle ander werkers het 'n heelwat laer verhoging gekry.

Volgens mnr Adams is die Werkersvereniging redelik suksesvol in hul pogings om werksomstandighede te verbeter. "Ons probeer die situasie van die werkers te verbeter deur samesprekings en nie deur die Administrasie in 'n sekere rigting te dwing nie soos die TGWU nie," het hy gesê.

Die lidmaatskap aan die onderskeie organisasies is om ooglopende redes dus 'n punt van dispuut. In hierdie opsig het lede van die TGWU groot kritiek uitgespreek aangesien hulle aanvoer dat dit onregverdig is dat nuwe werkers by die US outomaties, sonder hul toestemming, as lede by die Werkersvereniging geregistreer word en daar jaarliks lidmaatskapfooie van hul salaris afgetrek word. "Hulle neem sommer aan jy sluit aan," het een ontevrede werker dit gestel. Ingevolge 'n ooreenkoms behoort lede wat by die TGWU inskryf outomaties van die Werkersvereniging se lyste geskrap word, maar dit gebeur skynbaar nie.

Werkers beweer dat hulle geïntimideer word om nie by die TGWU aan te sluit nie deurdat daar van hulle verwag word om skriftelik van die vereniging te bedank. In dié opsig het party werkers selfs beweer dat eers ná hulle by die TGWU aangesluit het, die lidmaatskapsfooie eers jaarliks by hulle afgetrek is totdat hulle skriftelik bedank het.

Ander vorme van intimidasie wat werkers beweer gebruik word om nie by die TGWU aan te sluit nie, sluit onder meer promosie van verenigingslede bó unielede in. Verder sê werkers ook dat dat slegs verenigingslede deur Administrasie tegemoetgekom word as van die werkers hulle nader in verband met behuisingsprobleme en skulde. "Die base vra altyd dadelik of jy aan die unie behoort of nie," het 'n ontevrede TGWU-werker gesê.

Aangesien die getal werkers wat aan die onderskeie organisasies behoort só 'n belangrike faktor is, eis die TGWU dat die getalle van die hoeveelheid werkers in elke afdeling en hoeveel aan welke organisasies behoort, bekend gemaak moet word deur Administrasie. Die posisie van tydelike werkers moet ook opgeklaar word volgens die TGWU.

Mnr Adams beweer dat die meeste werkers aan die Werkersvereniging behoort. "Ons is dus legitiem en het 'n mandaat om namens die werkers samesprekings te voer aangaande noodsaaklikhede soos diensvoorwaardes en posevaluerings," het hy gesê.

Volgens die voorsitter van die TGWU van die US, me Anna Manuel, benadeel die breuk tussen werkers juis almal en moet dit tot 'n end kom sodat "ons saam kan staan om ons omstandighede te verbeter. Om dit te probeer verwesenlik gaan ek Administrasie versoek om beide organisasie toe te laat om 'n gesamentlike vergadering te belê waarby ons alle werkers kan betrek," het sy bygevoeg.

Intussen het gesprekke met werkers aan die lig gebring dat velkleur wél nog 'n rol speel by die aanstel en bevordering van werkers. Werkers het voorbeelde genoem waar swart werkers vir jare nie bevorder is nie, maar toe die hoër posisies oopgegaan het, is dit, soos hulle dit gestel het, "aan onervare en ongekwalifiseerde wit persone gegee. In een geval moes Administrasie 'n wit persoon heeltemal uit die Transvaal kry om 'n posisie, wat deur talle swarte persone gevul kon word, oor te neem," het hulle as voorbeeld genoem.

Een wit werker het haar as volg uitgelaat na aanleiding van die vraag of alle werkers gelyk behandel word. "Segregasie is nog net so deel van Administrasie soos altyd. In die werkplek is daar 'n duidelike skeiding oor waar blankes en swartes moet tee drink en ontspan. Sosialisering met swart werkers, soos ek doen, word met afkeur bejeen deur die ander wit werkers."

Verder speel die kwalifikasies van swart personeel blykbaar geen rol nie; waar ek werk is daar byvoorbeeld 'n swart werker wat 'n BA-graad het, maar werk verrig wat enige matriekleerling kan doen. Die ergste is dat ek te bang is om hom aan te beveel vir 'n pos wat ék weet hy die bes gekwalifiseerde persoon voor is, aangesien dit my eie promosiegeleenthede sal verongeluk."

Verlede Dinsdag het die TGWU weer met die arbeidsbeampte van die US, mnr Charl de Villiers, onderhandel.

Hoe dit ook al sy, is dit duidelik dat die probleme wat werkers onder mekaar het, die aanspreek van hul probleme met Administrasie vergemoeilik. As die probleme met onder andere rassisme en salarisse effektief aangespreek wil word, sal die werkers eers die wig wat tussen hulle is, moet oorkom.

Volgens die assistent direkteur van Openbare betrekkinge van die US, mnr Douglas Davis, sal salarisverhogings, indien enige, vir nie-TGWU lede, eers later vanjaar bekend wees. Hy het ook ontken dat daar 'n kleurslagboom is. "Die aangewese rektor het 'n kommissie aangestel wat na alle diskriminerende werkspraktyke ondersoek moet instel. Indien daar nog wel sodanige praktyke bestaan, sal dit onmiddelik aandag aan geskenk word," het hy gesê.

# Depressie: US se eie down-sindroom

**Depressie word dikwels beskou as ander mense se probleem, maar baie mense waaronder heelwat studente ly daaraan, of hulle dit erken of nie. NICHOLA SCHOEMAN het met kenners gesels oor die verskynsel van depressie, en gevind die down gevoel wat baie studente gereeld ervaar kan dalk ernstiger as 'n bloot vlugtige emosie wees.**

VOLGENS amptelike statistiek neem depressie by vyftig persent van opgetekende gevalle 'n aanvang by persone tussen die ouderdom van 20 en 50 jaar. Hierdie onrusbarende feit het tot gevolg dat die voorkoms van depressie onder studente aan die Universiteit van Stellenbosch lank nie meer 'n fiktiewe toestand is nie.

Volgens dr HD du Toit, kliniese sielkundige by die Eenheid vir Kliniese Sielkunde, kan depressie omskryf word as die "siekte van ons tyd". Dit gaan gepaard met 'n insinking in die gemoedstoestand, 'n verlies aan lewensentoesiasme, 'n verlies aan liefde vir jouself, 'n verlies aan dryfkrag, 'n verlies aan belangstelling in die lewe en 'n verlies aan gesonde sorg en omgee vir jouself.

"Die breë publiek gebruik die term depressie dikwels vryelik sonder om werklik te besef wat die intensiteit van hierdie siekte is," sê mnrGustav van Greunen, konsultant-kliniese sielkundige by die Eenheid vir Kliniese Sielkunde.

Daar bestaan talle sigbare simptome wat 'n depressie-slagoffer kenmerk. Veral die volgende simptome is deur dr Du Toit en mnr Van Greunen uitgesonder: 'n versteurde slaappatroon, gebrekkige belangstelling in daaglikse aktiwiteite, gevoelens van waardeloosheid; 'n afname in eetlus, konsentrasievermoë, dryfkrag en energie, selfmoordgedagtes en uiterste swaarmoedigheid.

> "Sosiale navorsing toon dat depressie sterker teenwoordig is by ernstiger mense, Calvinistiesgeorienteerde mense, Afrikaanssprekendes en mense met 'n sterk verantwoordelikheidsgevoel." – kliniese sielkundige

'n Verdere kenmerk van depressie is dat dit die slagoffer se persoonlike-, werks- en interpersoonlike funksionering beïnvloed. Slagoffers voel verwyder van hulle godsdienstige oortuiginge en ook van ander mense. 'n Totale verlies van omgee vir jouself en die verlies van die normale begeerte om jouself in stand te hou, kom in grade van intensiteit voor.

Mnr Van Greunen meen dat alle mense in die een of ander stadium *down* voel, hetsy vanweë 'n vroeëre gebeurtenis of soms sonder 'n oorsaak wat bekend is aan die slagoffer. Die stelling, "ruk jouself reg!", is een wat depressielyers dikwels van ander moet aanhoor. 'n Blote *down* gevoel is wel iets waaruit 'n mens jouself kan "regruk".

Sommige mense beskryf weer alte maklik só 'n gemoedstoestand as depressief. Kliniese depressie is egter 'n toestand wat in die meeste gevalle deur 'n kombinasie van psigoterapie en farmakologie (in die vorm van antidepressante) behandel behoort te word. Dr Du Toit sê die woord "depressie" dui letterlik op "iets wat afgedruk word". Mense sê dikwels dat hulle gemoed in hulle skoene lê, dat hulle swaarmoedig, swartgallig of melankolies is.

Daar is nie statistiek bekend wat die voorkoms van depressie op Stellenbosch betref nie, maar Amerikaanse statistiek dui daarop dat die voorkoms van depressie twee maal meer onder vroue as mans voorkom. Mnr Van Greunen noem dat sestig persent van die gevalle wat by die Eenheid vir Kliniese Sielkunde behandel word, vroue is, terwyl dertig persent van alle gevalle vir depressie behandel word.

Hormonale invloed kan 'n moontlike rede vir hierdie statistiek wees, maar die statistiek weerspieël nie noodwendig die ware toedrag van sake nie, sê mnr Van Greunen.

"Dit mag wees dat vroue net bereidwilliger is om erkenning aan hulle probleme te gee en gevolglik hulp te soek. Mans is miskien te trots. Manne, steek daardie trots in die sak en erken soms die nodigheid aan professionele hulp."

Volgens dr Du Toit is depressie sterker aanwesig by sekere sosiale groepe. "Sosiale navorsing toon dat depressie sterker teenwoordig is by ernstiger mense, Calvinisties-georiënteerde mense, Afrikaanssprekendes en mense met 'n sterk verantwoordelikheidsgevoel."

Mnr Van Greunen beklemtoon egter dat daar geen korrelasie tussen sosio-ekonomiese status en depressie blyk te wees nie.

Dr Du Toit sê dit is nie bekend hoeveel studente op Stellenbosch aanland as depressielyers nie, maar dit feit is dat depressie se wortels psigogenies in die grootmaakproses is. 'n Persoon word dus nie voldoende toegerus met die regte aksente van 'n positiewe lewensuitkyk, entoesiasme vir die lewe, gesonde selfliefde, 'n balans tussen werk en spel en die hantering van sy godsdiens nie.

Verder voel dr Du Toit dat daar wel 'n hoë voorkoms van depressie is en dat 'n hoë persentasie van slagoffers hulle nie aanmeld vir behandeling nie. "Dit is altyd jammer dat 'n persoon wat depressief voel weens irrasionele redes nie professionele hulp verkry nie. Voldoende medikasie is vandag beskikbaar en psigoterapeutiese hulp word deur verskeie instansies op Stellenbosch aan studente beskikbaar gestel."

Dr Du Toit vergelyk 'n depressielyer met iemand wat 'n donkerbril opsit en die wêreld vanuit hierdie perspektief beskou: "Kyk die lyer na iets wat in die verlede vir hom wit was, is dit nou grys. Grys word donkerbruin, donkerbruin word donkerblou, donkerblou word swart en swart word absoluut pikswart. Vir die persoon met hierdie donker gemoedstemming het die wit aspekte, die positiewe, die optimistiese, uit die lewe verdwyn.

"Die implikasie van depressie is dat die slagoffer nie die eise van sy of haar bepaalde wêreld suksesvol kan hanteer nie. Dinge kom tot 'n stilstand - dus die verlies van die vermoë om op te tree, te handel, besluite te neem, te presteer en om die kwalifikasies te behaal wat nodig is om die bepaalde eise in 'n werksituasie te ontmoet. Die slagoffer staan as't ware buite die lewe, en onttrek hom of haar van ander en wil nie graag by mense wees nie.

> "Dit is altyd jammer dat 'n persoon wat depressief voel weens irrasionele redes nie professionele hulp verkry nie. Voldoende medikasie is vandag beskikbaar en psigoterapeutiese hulp word deur verskeie instansies op Stellenbosch aan studente beskikbaar gestel." – Sielkundige van EKS

"Sommige slagoffers het egter wel die verlange om mense by hulle te hê, veral wanneer angs 'n sterk komponent is. Meestal wil die depressielyer egter eenkant op die ashoop met sy of haar eie leed gaan sit en treur.




Volgens dr Du Toit is daar twe aanvaarbare oorsake van depressie. Psigologiese depressie word deu die psige veroorsaak vanweë di slagoffer se onvermoë om bepaald moeilike situasies en die eise va die lewe te hanteer.

Organiese depressie is 'n erflik heidstoestand wat geneties veroor saak word. Dit het te doen met di steuringe van bepaalde neuro-trans mittors in die brein. Tekorte aa chemise stowwe (amines) van hie die transmittors veroorsaak depres sie. Mnr Van Greunen sluit hierb aan deur te noem dat verskeie fak tore 'n rol in die oorsprong van de pressie kan speel. Dit blyk dat biolo giese, genetiese en psigososiale fak tore die belangrikste hiervan ui maak.

'n Endogene depressie is die pr duk van 'n genetiese geneigdheid t depressie, terwyl 'n reaktiewe d pressie 'n reaksie is op psigososia faktore. Lewensgebeure, omgewin stres, sekere persoonlikheidstipe aangeleerde hulpeloosheid en 'n pe soon se kognitiewe raamwerk is va die psigososiale faktore wat ve band kan hou met depressie.

"Depressie kan presipiteer op stadium wanneer die eise wat aan persoon se psigologiese vermoë gestel word, te groot word. Dit ka op enige fase van die lewe gebeu Depressie is een van die siektes w in die besonder op die oorgangsf ses van die lewe kop uitsteek; van kind tot adolesent en vanaf adol sent na jong volwassene, maar in d besonder is die middel- en later ja vatbaarder vir depressie, omd mense weens verskeie sosiologie redes meer kwesbaar is daarvoor sê dr Du Toit.

Mnr Van Greunen sê dat volge Amerikaanse statistiek dit blyk d ongeveer twee-derdes van depress pasiënte selfmoordgedagtes het, te wyl tien tot vyftien persent van hie die groep wel selfmoordpogings aa wend. "Depressie gaan nie noodwe dig met selfmoordgedagtes gepaa nie," sê dr Du Toit.

'n Persoon kan momenteel 'n i sinking ondervind en dinge mag v hom of haar donker voorkom, ma daar is talle slagoffers wat se moord glad nie as 'n oplossing b skou nie. Die korrelasie tussen se moord en depressie is dus hoo maar nie konstant nie.

Onsensitiwiteit teenoor depress slagoffers moet nie vanuit die van doelbewuste onsensitiwiteit g sien word nie, sê mnr Van Greune Dit is meestal 'n produk van onin ligtheid oor die werklike toestand

"Mense het soms die persepsie d dit 'n vorm van swakheid is om hu te soek vir 'n probleem. Om met masker rond te loop en voor te g dat jy *cope* terwyl dit eintlik nie d geval is nie, is nie 'n teken v sterkte nie. Mense is sterk wann hulle in kontak met hulself is en k erken dat hulle nie *cope* nie. Dit sterk-wees. Dit is waarvoor die E heid vir Studentevoorligting en Eenheid vir Kliniese Sielkunde da is."

# Depressie-lyer vertel van vrees vir lewe

**Het jy self by die Eenheid vir Kliniese Sielkunde aangemeld en hoekom?**

Ja. Ek het nie meer in beheer van my lewe gevoel nie. Ek het geweet ek het depressie, maar dis bykans onmoontlik om dit self te oorkom. Selfmoord het 'n bietjie maklik gelyk en al my oorblywende sinne het net gesê ek sal iemand moet kry om my te wys wat om te doen: iemand wat actually betaal word om na my te luister.

**Hoe het die depressie jou uitkyk op die lewe beïnvloed?**

Watter uitkyk op die lewe? 'n Mens fool jouself om te imagine dat jy eintlik nie sin in die lewe sien nie, maar dis nie regtig die probleem nie. In daardie posisie rasionaliseer mens al jou procrastination deur te maak of jy wroeg oor hierdie diep sin-probleem met die lewe. In der waarheid is jy net heeltemal onbevoeg om enige iets te doen. As jy depressie het is minder van jou brein in gebruik, so dis prakties onmoontlik om te funksioneer, jy weet: besluite te maak, roetines vol te hou et al. My uitsig op die lewe het radikaal kleiner geword. Gewoonlik het ek hierdie spasie om my gehad en daarbuite het normale, gesonde paranoia begin. Terwyl ek depressie gehad het, het die vrees net buite my vel begin.

**Watter soort behandeling het jy by die EKS gekry?**

Baie goeie behandeling, dankie. O, ek sien. Wel... ek het aan die begin twee keer en later een keer 'n week met 'n kliniese sielkundige gepraat en ek het op medikasie gegaan vir about drie maande. Het jy vir my 'n light? Thanks. Hulle probeer uitvind wat die depressie getrigger het en hulle probeer uitvind hoekom jy is soos jy is - watter invloede op jou ingewerk het, en so. Sodra mens daardie kennis van jouself het kan jy begin vrede maak met jouself. Mens blameer baie keer jouself vir goed wat ander regtig bose mense aan jou gedoen het.. Soos jou ouers. In elk geval, na 'n paar weke het ek op die pille se papiertjie die newe effekte gesien en myself doodgeskrik en opgehou daarmee. Die pille hou wel jou gemoedstoestand bo water, maar dit maak jou baie lakonies en katatonies en woordarmig. Soms het mense om my hierdie profound gesprekke gehad oor goed wat ek geweet het ek weet ook, maar ek kon net nie eerste daaraan dink nie. Ek was soos 'n computer sonder 'n keyboard, soos chop suey sonder soya sous, soos Coke sonder caramel, soos Clyde sonder Bonnie, soos die... jammer.

**'S okay. Was ander mense understanding genoeg?**

Min mense het geweet, maar die belangrikes was, dankie. Party mense, soos my meisie, het heeltyd gesê; "Pull yourself together." Dit het my abnormaal laat voel, omdat ek nie gedink het ek kan dit doen nie, en dan het ek erger gevoel en my minodra-blade versameling uitgebrei. Depressie is nie sogenaamde "depro" nie, soos in die algemene sin: "Oooh, ek is sooo depro, want ek skryf Pol wet vanaand." Dis meer consuming. Dit drain al jou energie en los jou ver onder die normale basis van 'n gesonde gemoed. Dit verg al jou aandag om net te onthou waarheen jy oppad is en hoekom jy nog asemhaal.

**Hoe is jy genees?**

Ek weet tot vandag toe nog ni Miskien het ek net gatvol gera daarvoor om so f★★ed-up te vo Jy word so afhanklik van and mense dat jy altyd die verleë een Ek het net eendag wakker gewo opgestaan, geskeer, my gesig af spoel, in die spieël gekyk en be miskien is dit die sin in die lewe: in die oggend wakker te word, skeer, jou gesig af te spoel ens. weet? Die lewe self is dalk die sin die lewe. Toe het ek so goed gev dat ek besluit het om op te hou pressed wees.

**Sou jy jouself beskryf as 'n e stige, Calvinistiese, Afrika sprekende mens met 'n sterk v antwoordelikheidsgevoel?**

F★★★ YES, en dit kan jy in h fletters skryf.

# Agter elke US-rugbyspan...

**Dr Gerhard Pool en Mnr Nelie Smith het as individuele afrigters naam gemaak, maar as kombinasie beloof hulle om die geskiedenisboeke te herskryf. PIPPA SCHOEMAN het met oom Nelie en Dok Pool (soos hulle alom bekend staan) oor die groot en moeilike taak om rugbyafrigters van Maties te wees, gaan gesels.**



**IS dit die eerste keer wat u as afrigters saamwerk?**
**NS:** Nee, ons het al voorheen saamgewerk, maar nie vir lank nie. Ons ken mekaar egter al baie lank.
**GP:** Ons ken mekaar al sedert 1968. Ons het deur rugby ontmoet.
**Het u mekaar dadelik gevind toe u hier begin afrig? Was daar nie baie verskille omtrent afrigtingsmetodes en ideale nie?**
**NS:** Wanneer die afrigters van 'n span aangestel word, is die oorweging hul benadering ten opsigte van die spel en wat hul beoog. Daar moet 100% oortuiging wees van die kombinasie. Die persone moet mekaar kén. Jy kan nie saam met 'n vreemde persoon afrig nie.
**U persoonlikhede verskil baie. Hoe vul u mekaar aan as afrigters?**
**NS:** Elke persoon het sy eie unieke persoonlikheid en afrigtingsbenadering wat jy nie kan verander nie. Elke afrigter moet net homself wees.
**GP:** Die groot geheim is ons het niks wat nie vooraf uitgeklaar en beplan is nie. Afrigting is 'n spanpoging en die krag van die kombinasie lê juis daarin dat ons mekaar aanvul, anders sal ons op dieselfde punte sterk en op dieselfde punte swak wees. Dit is nie toevallighede nie - die hele benadering is beplan.
**Sou u sê die klub het vanjaar meer talent as vorige jare of is dit net die nuwe benadering wat 'n verskil maak?**
**NS:** Daar het geen nuwe spelers bygekom nie. Die spelers het die afgelope jare baie dieselfde gebly.
**GP:** Die ontginning van potensiaal is maar nog in die beginstadium. Daar is nog nie eers begin met die geweldige potensiaal wat by koshuisrugby lê nie. Die hande om die potensiaal te ontgin is net te min. Vanjaar se beleid is om 'n klub te bou. Dit gaan nie oor die uitbou van spelers nie, maar 'n totale afrigterskorps, die verkoop van 'n benadering.
**Hoe ver is Maties I van hul volle potensiaal?**
**GP:** Ons speel nou eers teen 60-65% van wat ons kan bereik in terme van spoed.
**NS:** Ons hoop om so gou as moontlik 100% te bereik. Dit is 'n bouproses waar 'n kontinuïteit van foutontleding plaasvind. Regstellings en aanpassings word gemaak by die patroon. Indien inbreek gemaak word op die kontinuïteit van die oefening, word dit dadelik agtergekom. Dieselfde geld vir beseerde spelers vir wie dit 'n tyd neem om weer in die patroon te kom.
**Wat is u afrigtingsbenadering?**
**GP:** Ons het besluit ons wil bó wees. Bó en toonaangewend in die wêreld wat die ontwikkeling van die spel betref. Enigiets nuut wat ingebring word, verg 'n tyd van aanpassing waar spelers en die afrigterskorps saamgeneem word in die proses. Ons het ons ononderhandelbare beginsels neergelê en het aanvulling gekry by dit wat oorsese lande ons kon bied. Die hele verandering is 'n spanbenadering van spesialiste op spesialisgebiede.
**NS:** Ons stel nie belang wat in die verlede gebeur het nie. Ons het 'n uitdaging aanvaar om sukses te behaal op die korttermyn. Ons wil weer die goue era laat herleef soos toe Stellenbosch die toon aangegee het in die wêreld. Dit lyk of ons tans in die regte rigting beweeg.
**Tot hoe 'n mate speel u persoonlike voorkeur aan 'n spesifieke speltipe 'n rol by die kies van 'n span?**
**NS:** 'n Mens moet oppas om nie 'n spelpatroon van 'n ander land slaafs na te volg nie. Ons het besluit om ons eie unieke patroon te skep. Rugby het sy fasette en basiese beginsels waarvan jy nie kan afwyk nie. Dit moet aanskoulik wees, maar ook genotvol vir die spelers.
**GP:** Die speler wat opgaan, byvoorbeeld provinsiaal, sit egter in die dilemma dat hy hom by 'n nuwe spelpatroon moet aanpas. Die feit dat hy tussen twee spelpatrone beland moet 'n mens positief gebruik in dié sin dat dit die speler leer om aan te pas en sodoende van hom 'n beter speler maak.

**Word al die spelers in die Matierugbyklub 'n gelyke kans gegun?**
**NS:** Ons het 'n keuringsbeginsel neergelê waarvolgens almal in al die spanne 'n gelyke kans gegun word. Ons wyk nie af van die beginsel nie en 'n speler sal nie summier afskuif as hy sy kant bring nie. Die verandering van 'n span kan op kort kennisgewing plaasvind, omdat die unieke spelpatroon regdeur die klub op presies dieselfde wyse geskied.
**GP:** Daar is ongelukkig net 15 plekke in 'n span. 'n Mens moet dit positief insien. Die spelers in laer groepe moet dit as 'n goeie geleentheid sien om met en teen topspelers te oefen en topafrigting te kry. Op die langtermyn is dit beter om by die klub te bly as om by 'n buiteklub te speel waar die prestasie op die korttermyn dalk beter is. Dit is vir ons belangrik dat elke speler moet ontwikkel tot die toppunt van sy talent.
**Hoeveel aandag gee u aan sielkundige voorbereiding vir wedstryde?**



**NS:** Wanneer dit goed gaan verander 'n mens nie jou benadering en metodes nie. Nie een van ons het nog nooit van 'n buitepersoon gebruik gemaak vir motivering nie. Ons het op die oomblik nie 'n behoefte daaraan nie. Jou ondervinding leer jou om jou spelers se temperament te lees en jy probeer hul leiding gee waar nodig. Jy kan 'n speler motiveer sonder dat dit doelbewuste motivering is.
**GP:** Ons is nog in 'n vestigingstadium en ons monitor voortdurig ons vordering. Ons kán nog van hulpmiddele gebruik maak, maar dit moet oordeelkundig gedoen word.
**Maties I is vanjaar só 'n goeie span, maar hoe voel u oor die nuwe WP-span?**
**GP:** Die kernvoorbereiding word gedoen op klubvlak. Enige unie moet in die beplanning van sy seisoen klubs die geleentheid bied om op klubvlak sy spelers voor te berei. Dit is belangrik dat klubrugby nie benadeel moet word nie. Ek kan nie dink dat die WP-rugbyunie, wat 'n Curriebeker wil wen, nie ten nouste met Stellenbosch saamwerk nie. Ek weet ook nie hoe daar sonder Stellenbosch bo in die leer uitgekom kan word nie.
**Wat is die grootste swak punt waaraan u moes werk met die aanvang van die vernuwingsproses?**
**NS:** Ons wil ons nie verbind met die verlede nie. Ons kyk net vorentoe.
**Die nuwe reëls vereis nuwe spelpatrone en prioriteite. Hoe hanteer u dit binne die spelsituasie en oefenmetodes?**
**NS:** Die nuwe reëls het ten doel om die spel vinniger en aanskouliker te maak. Die kennis en korrekte toepassing van reëls is ontsettend belangrik, want dit is waar die spel begin.
**GP:** Hoe gouer die topskeidsregters in SA aanpas, hoe gouer kom SA se rugby weer bo uit. Spelers vorm verkeerde gewoontes indien die reëls nie korrek toegepas word nie. Die skeidsregter het 'n direkte hand in die ontwikkeling van die spel.
**Is die dae van die groot, swaar voorspelers getel?**
**NS:** Daar is sekere fasette wat altyd belangrik sal bly. Enige voorspeler het plek in 'n span as hy redelik kan beweeg. Jy moet 'n spelpatroon ontwerp wat by jou spelers aanpas.
**GP:** Die benadering is om die groot



speler meer atleties te maak.
**U het baie gedoen om die klub op te bou en te verbeter. Sou u die klub in die middel van die bouproses verlaat indien u provinsiale of nasionale aanbiedinge kry?**
**NS:** Op hierdie stadium is daar nie sprake daarvan nie.
**GP:** Die buitestaander besef nie die hoeveelheid tyd wat in die proses opgeoffer word nie en die meeste van ons staan in een of ander werkverband. Die effek wat die afgelope paar maande se rugby op Oud-Maties dwarsoor Suid-Afrika gehad het is onbeskryflik. Mense assosieer hul graag met wenners en 'n goeie beeld. Die geesdrif van die klub word aangewakker deur sukses.
**Wend u enige pogings aan om te sorg dat die kontinuïteit van die afrigting in die klub voortduur selfs al sou u dit verlaat?**
**NS:** Daar is verskeie jong persone wat die potensiaal het en intens belangstel oor hoe dit gedoen word.
**GP:** Dit gaan nie oor koninkryke bou nie, maar wel om 'n struktuur daar te stel, opleiding te gee wat weer kan voortduur, sodat die instansie kan bly voortbestaan. Realisties gesien het sekere mense sekere gawes en ons het ten doel om 'n sterk korps daar te stel.
**Wat is u lewensfilosofie?**
**NS:** Ek gun enige persoon 'n stukkie son in die lewe. Die son kan maar op elkeen skyn.
**GP:** Dit is net in Wiskunde wat 'n negatief en 'n negatief 'n positiewe benadering gee. 'n Mens moet konstruktief wees al is daar soms 'n bietjie skouerskuur in die proses.


REKENAAR WINSKOPIES

XT – R700
AT – R1 650

Skakel PC AID 6063

Weet jy iets wat ons moet weet? Skakel Die Matie by 72332 of 5979

Fotofast
Best Quality — Professional Advice
TRUST BANK CENTRE STELLENBOSCH
☎ (02231) 83-3435
PICK 'N PAY CENTRE PAARL
☎ (02211) 24454

VOUCHER
50% DISCOUNT
ENLARGEMENT 200 x 250 or 200 x 300 mm
VALID UNTIL 31 MAY 1993
Fotofast, TRUST BANK CENTRE, STELLENBOSCH TEL: 833435

# Rugbyspan wen wéér

Deur NIELS MOMBERG

NA 'n groot gesukkel het die Eerste Rugbyspan uiteindelik daarin geslaag om SK-Walmers met 41-5 te verslaan.

Die Maties het lank gevat om vlam te vat en die vlam het deurentyd maar kwaai geflikker. Die besoekers het verras en veral gedurende die eerste helfte goeie losballe gewen. Die Matie voorspelers het by tye erg lusteloos voorgekom en SK-Walmers toegelaat om verskeie balle af te neem. Johan Burger (flank) het egter weer beïndruk met sy plettervatte en algemene werkverrigting.

Die studente het ook die lynstane oorheers met goeie springwerk deur die slotpaar, Nico Basson en Jan Maree. Mornay Visser, wat gedwing was om vaster te speel, het weer beïndruk en was in effek saam met Burger die Maties se beste losvoorspelers.

Die hoogaangeskrewe Matie-agterlyn het gesukkel om 'n teenvoeter te vind vir 'n vlaklêende agterlyn wat selde deur die skeidsregter gestraf is. Christiaan Scholtz het egter, veral teen die einde, daarin geslaag om 'n paar goeie lopies in te kry. Sy vermoë om pylreguit te hardloop het opgeval. Langs hom het Jaco Taute ook 'n paar keer die verdediging oopgekloof. Verskeie pogings, deur dié blink senterpaar, is ondermyn deur swak hantering en oordeel. Aan hul buitekant het Justin Swart uitgeblink.

Tot die Maroentruie se verdediging moet gesê word dat die skeidsregter op sy beste teleurstellend was. Hy het versuim om die besoekers, wat die onkantlyn deurgetrap het, te straf. Toe die manne warm onder die kraag begin raak het, het hy byna heeltemal beheer verloor. Mornay Visser se besoek aan die koelkas was vir die meeste toeskouers 'n raaisel.

Vics het 'n kragoorwinning behaal toe die onoorwonne Durbanville met 78-10 verneder is. Vics het met 'n groot spanpoging vorendag gekom en die tuisspan van hul voete gehardloop.

Môre-aand is 'n groot geleentheid vir die Maties. Volgens gerugte kom kyk mnr Ian Mackintosh na die wedstryd teen Bellville. Spelers soos Jaco Taute en Mornay Visser kan hulself met goeie vertonings in die nasionale oefengroep inspeel. Vics speel Saterdag op Brookside teen Villagers, terwyl die Eerstespan om agt-uur op die Danie Craven stadion uitdraf.



Mornay Visser sak toe op die bal terwyl Schalk Burger toekyk.
Foto: Pieter Malan

# 'n Hartseer verhaal oor dinge wat saakmaak

## OP DIE KANTLYN



Jean Nortje

EK gesels annerdag met 'n boer uit die Stellenbosch omgewing en groot vriend van Matie-rugby. Hy vertel my:

"Ek is bekommerd. Ek is bekommerd omdat daar spelers in die Springbok-oefengroep is wat nie eers die Cravenspan (Maties se derde span) sal haal nie."

Ek dink toe 'n rukkie en net voordat ek ook bekommerd kan raak gaan die eertydse Matiespeler aan.

"Ek het vir Ian Mackintosch gebel...",en hy dink voor hy aangaan"...Ek het hom vertel wie ek is en vir hom uitgewys dat daar spelers in die Bok-oefengroep is wat nie eers die basics van die spel reg kan doen nie."

Hy het aangegaan, "Die politiek in WP-rugby is onverstaanbaar vir mense wat dit nie self beleef nie. Die Matiespan soos hy vandag lyk; en ek sal my lewe daarop wed - sal die WP-span in sonskyn, reën, modder en selfs met Clive Norling wat blaas, maklik wen."

Netso sê hy dit. Dis 'n gewaagde stelling om te maak, maar ek is geneig om met hom saam te stem. Matiespelers met wie ek gepraat het stem ook saam.

In elk geval. Terug by die boer. Die Springbok-afrigter - nadat hy die boer aandagtig uitgeluister het - sê toe dat hy kennis daarvan dra en vra die boer toe 'n bietjie uit oor die situasie.

Hulle het lank gepraat toe Ian Mac vir die boer vertel dat hy nie onder die eerste tien mense tel wat hom reeds oor die situasie genader het nie. Hy het vertel dat dat hy kennis dra van daardie, sowel as ander probleme rondom Matie-rugby en verdere redes hoekom Maties nie vir verteenwoordigende spanne in die WP gekies word nie.

Die uiteinde van die storie, soos meeste ander sprokies, het ook 'n gelukkige einde.

Ian Mac kom môre-aand Maties se wedstryde teen Belville kyk om self te sien waaroor mense in die Eikestad so mal raak.

Dalk gebeur dit wéér vanjaar. Dalk word 'n Matie Springbok sonder dat hy die WP verteenwoordig het. Daar is al baie klappe na die WP-keurders uitgedeel, maar dit sál 'n grootse een wees!

# Koshuise trek Lager eindstryd toe

Deur JEAN NORTJE

INTERESSANTE verwikkelinge in die Lion Lager uitklopkompetisie vir koshuise het veroorsaak dat die wedloop na die finaal nog wawyd oop is. Met net een liga-wedstryd oor is daar nog vier koshuise wat die finaal kan haal.

In afdeling A loop Helderberg voor met negentien punte teenoor Dagbreek se sewentien. Dagbreek het egter nog een wedstryd om te speel wat gewen moet word om die finaal te haal. Verloor Dagbreek, sal dit Helderberg wees wat finaal toe gaan.

Dagbreek speel teen Libertas wat op 'n tegniese punt uitgeval het in die wedloop om 'n plek in die finaal. Boetië Danger, wat in die Boland klubrugby speel, het vir Libertas teen Majuba gespeel en die vier ligapunte wat Libertas in daardie wedstryd verdien het is as gevolg daarvan aan Majuba toegeken.

Helderberg het al sy wedstryde reeds voltooi en kan maar net hoop dat Libertas vir Dagbreek troef en sò 'n plek in die finaal bereik. Helderberg kan ook dankie sê vir die tegniese puntjie wat Libertas uit die finaal gaan hou: Kevin Freuen (wat ook klubrugby in die Boland speel) het vir Pieke teen Helderberg gespeel. Pieke het die wedstryd gewen, maar die punte is aan Helderberg toegeken.

In afdeling B is twee spanne - Huis Marais en Wilgenhof - nog onoorwonne. Hierdie twee spanne pak mekaar op Dinsdag 18 Mei wanneer die laaste rondte van die Lion Lager uitklopkompetisie vir koshuise plaasvind. Dié wedstryd beloof om 'n eindstryd in die kleine te wees.

## Lion Lager uitklopkompetisie

### Seksie A

| | speel | wen | gelykop | verloor | punte vir | punte teen | totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Dagbreek | 5 | 4 | 1 | - | 82 | 22 | 17 |
| 2 Helderberg | 6 | 3 | 2 | 1 | 135 | 68 | 19 |
| 3 Libertas | 5 | 3 | - | 2 | 102 | 62 | 9 |
| 4 Pieke | 5 | 1 | 1 | 3 | 38 | 96 | 2 |
| 5 Majuba | 5 | 2 | 1 | 2 | 33 | 43 | 14 |
| 6 Helshoogte | 5 | 2 | 1 | 2 | 87 | 75 | 10 |
| 7 Oude Molen | 5 | - | - | 5 | 27 | 138 | 0 |

### Seksie B

| | speel | wen | gelykop | verloor | punte vir | punte teen | totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Wilgenhof | 5 | 5 | - | - | 104 | 10 | 20 |
| 2 Simonsberg | 5 | 1 | - | 4 | 40 | 81 | 5 |
| 3 Huis Marais | 5 | 5 | - | - | 108 | 53 | 20 |
| 4 Elsenburg | 5 | 3 | - | 2 | 85 | 42 | 12 |
| 5 Eendrag | 5 | 1 | - | 4 | 56 | 105 | 4 |
| 6 Huis Visser | 5 | 1 | - | 4 | 25 | 103 | 3 |
| 7 Medies | 4 | 1 | - | 3 | 36 | 62 | 2 |

# Meer oor daardie nuwe reël

DIE omstrede reël waarop die uitvoerende bestuur van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub op 26 April 1993 besluit het lees as volg:

"Dat studente van die Universiteit van Stellenbosch wat lid is van ander rugbyklubs in die Westelike Provinsie Rugbyvoetbal Unie en in die Boland nie vir enige klubspan en koshuisspan van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub oorweeg mag word nie."

Die nuusbrief, wat 28 April 1993 gedatteer is, lui verder, "Hierdie bepaling geld onmiddellik en koshuisverteenwoordigers moet asseblief toesien dat hierdie bepaling streng nagekom word."

Die sekretaris van Stellenbosch se Rugbyvoetbalklub, mnr Danie Roux, het gesê die besluit is op aanbeveling van die WPRVU gemaak.

Die vernaamste redes waarom die besluit geneem is, is volgens mnr Roux dat koshuise deur die jare altyd gekla het dat buiteklub-spelers koshuisrugby speel asook om die stelsel waarby meer as eenduisend rugbyspelers betrokke is, te beskerm.

Mnr Roux het verder gesê Stellenbosch het nog nooit, soos sommige ander universiteite, in die pad van studente gestaan as hulle vir ander klubs wou speel nie.

"Spelers kan nét by ander klubs of nie hier speel. Die besluit lê by die speler."

# Hokkievroue bly beste terwyl die mans opstaan

Deur BARBARA MEYER

DIE Universiteit Stellenbosch se hokkieseisoen is in volle gang met baie goeie prestasies. Maties I se vrouespan wen Durbanville I met vyf doele teenoor nul. Maties se doele is aangeteken deur Hestea Oelofsen en twee elk deur Jenny King en Lisa Wheatley. In die ander wedstryd het Maties I se vrouehokkiespan klaargespeel met Varsity Old Girls met goeie hardloop- en aangeehokkie. Hulle wen 8-0 met drie doele aangeteken deur Jenny King, twee doele deur Sheryelle Calder en een doel elk deur Hestea Oelofsen, Lisa Wheatley en Salome van der Ryst.

Twee van die Matiespelers, Megan Dobson en Sheryelle Calder, is gekies vir 'n Suid-Afrikaanse uitnodigingspan wat later teen 'n span van Kanada gaan speel. Verder het Maties I se vrouehokkiespan ook skoonskip gemaak in die WP onder 21-span, en is elf van die dertien spelers in hierdie span Maties. Hulle is Hestea Oelofsen (kaptein), Salome van der Ryst (onder-kaptein), Gill Barrow, Nicola Kurby, Jo Lloyd, Jenna Matkovich, Megan Mcgrath, Anelma Venter, Mickey Voster, Catherine Dickson en Jill Dix. Vier Matiespelers is ook gekies vir die Skiereiland span, Robyn Anderson (onder-kaptein), Shelley O'Caroll, Nickey Treagus en Belinda Mcdonald.

Gordon Rae en Florian Kleinhaert van die mans se eerstespan is ook gekies vir die WP onder 21-span, en Shaun Derkinderen vir die Skiereilandspan. Maties se manshokkie toon hierdie jaar 'n groot verbetering teenoor laasjaar, wat grootliks toegeskryf kan word aan harde werk en die goeie afrigting wat hulle vanjaar ontvang van Sheryelle Calder. Die mans het al vanjaar in hulle wedstryde meer doele aangeteken as in al hulle wedstryde saam van verlede jaar, en almal sien uit na nog goeie vertonings van die mansspanne vanjaar.

Maties I se manshokkiespan het Vishoek I 4-1 gewen, wat 'n baie goeie uitslag is, as in ag geneem word dat Vishoek verlede jaar tweede in die liga geeïndig het. Die doele is aangeteken deur Quintin du Toit en Bennie Liebenberg. Hierdie span wen ook vir Bergvliet I in 'n baie goeie vertoning met ses doele teen oor een, met die telling wat teen halftyd nog net een doel elk was. Hulle reken ook af met Sentral I met 'n uitslag van drie doele teenoor een.

Die uitslag van die ander hokkiespanne is soos volg. Die mans se tweedespan speel gelykop twee elk teen Vishoek II, en ook gelykop teen Sentral II. Die derdespan verloor teen Sentral III en speel gelykop een elk teen Vishoek III. Die vroue se Victoriane span het twee goeie wedstryde gespeel ten spyte daarvan dat hulle gelykop gespeel het teen Pinelands I (in 'n wedstryd waar geen doele aangeteken is nie) en verloor het teen Constantia 2-0. In hierdie wedstryd is daar ook geen doele in die tweede helfte van die wedstryd aangeteken nie. Die vroue se derdespan het Milnerton I 3-1 geklop en 0-1 verloor teen Durbanville II.

*Die Matie* is die eiendom van die SR van US en word geset en gedruk deur Nasionale Media Bpk, Heerengracht 40, Kaapstad 8001.

# Stellenbosch kry 'n eie sportkroeg

HIER kuier sportman, sportvrou en sportliefhebber saam. As deel van die nuwe sportontwikkelingsprogram is daar so 'n maand gelede 'n sportkroeg net links van die sportkantoor geopen.

Die Stal was vroeër slegs gebruik vir onthaal geleenthede maar is nou oop vir alle studente. "Die Stal is gemik op studente wat 'n liefde vir sport het," sê die bestuurder mnr Ross Hobbs.

Die swaar balke teen die dak verleen 'n besondere warm en gesellige atmosfeer aan dié kuierplek, so enig aan sy soort in Stellenbosch. Na elke wedstryd kan die tegnieke, taktieke en voorstelle rondom die ruim kroegtoonbank bespreek word.

Aanskoulike aksiefotos pryk regdeur op al die mure. Studente wat die groen en goud vir Matieland gedra het word vereer op 'n ererol. Dit is die ideale plek om menige geskiedkundige wedstryde te herleef, asook om die koue lywe van die spelers en toeskouers na 'n wedstryd weer te ontdooi.

Daar is voorsiening gemaak vir 'n dansarea, kuierarea, kroeg asook 'n braaiarea. Studente word aangemoedig om van hierdie braaigeriewe gebruik te maak na sportwedstryde. Die Stal sal van Woensdae tot Saterdae ná wedstryde oop wees. Die atmosfeer, goedkoop pryse (slegs R2 'n bier en R1,50 'n tot) en die ligging sal van Die Stal 'n gewilde kuierplek maak.



Ross in die sportkroeg wat hy bestuur

# KENNERMENINGS

## Waaraan sou u die sukses van die Matie I-rugbyspan toeskryf?

**Dr J C Meyer** (media-skakelpersoon van US-rugby)
Die afrigters,'n nuwe, positiewe gees wat in die klub heers, asook die nuwe dissipline wat toegepas word.

**Mnr Belius Potgieter** (direkteur van Sport en Ontspanning)
Die toegewyde harde werk en die twee nuwe afrigters. Die afrigters is waarskynlik die beste in die land en as kombinasie kan hul nie geklop word nie.

**Mnr Dawie Snyman** (WP-afrigter)
Daar word deur wind en weer konstruktief en konsekwent deur beide die spelers en die afrigters gewerk. Niks kom verniet nie.

**Dr Bokkie Blaauw** (vorige afrigter van Maties)
Dit is reeds die derde jaar wat verskeie van die spelers saamspeel. Hulle het meer ervaring en besef dat die afgelope jare se samehangende saamspeel baie loure kan inoes. Die twee nuwe afrigters speel ook 'n rol.

**Mnr Nelie Smith** (huidige afrigter van Maties)
Die totale spanpoging van die Rugbyklub self.

**Mnr Chum Studer**
Die sukses kan suiwer aan die nuwe afrigters, wat 'n groot verbetering op die vorige afrigters is, toegeskryf word.

**Mnr Danie Roux**
Die goeie aanpassing by die nuwe reëls en die positiewe benadering van die spel. Die internasionale deure wat weer oopgaan dien as aansporing vir die spelers, want daar is nou weer geleentheid om Suid-Afrika te verteenwoordig.

**Me Linda Sherman** (sekretaresse by US-rugbyklub)
Die feit dat die spanne redelik konstant bly.

**Mnr Kapok Laky**
Die spelers ken mekaar. Die administrasie in die kantoor verloop fantasties. Spelers word ook nie meer op hul name gekies nie.

**Niels Momberg** (vorige sportredakeur van Die Matie)
Die nuwe afrigters wat oorsee gegaan het en meer geleer het van moderne rugbymetodes en hoe daar gespeel word. Hulle was bereid om aan te pas en die lesse wat hul geleer het toe te pas.

**Frankel Engelbrecht** (1992-kaptein van Maties I)
Die afrigting is belangrik, sowel as die fiksheid van die spelers en laastens die goeie spangees wat heers in die klub.

**Johan Burger** (huidige kaptein van Maties I)
Die goeie afrigting wat ons ontvang, die opofferings van die spelers, die goeie samespel van die span en die spangees.



Dawie Snyman



Me Scherman



Niels Momberg

# Goju kai hard en sag

IN SA GOJU KAI Karate-do has been a major Karate force. Recently a dojo was opened and boosts a full class of University and school students.

The students of GOJU KAI practise the art of traditional japanese GOJU RYU, created and innovated by Hanshi Gogen Yamaguchi (Tenth dan, 20 January 1909 - 20 April 1989). The GOJU KAI roots go back to Nothern China and the crane form of Martial Arts, combined with the teachings of Chojun Miyagi of Okinawa.

Hanshi Gogen Yamaguchi ("the cat"), was the force behind the formation of the All Japan Karate Do Federation, which included traditional styles such as Shotokan, Shito Kai and Wado ryu.

Goju translated reads as follows: Go-: hard, -ju: soft, and thus teaches the hard-soft circular form of karate. Goju covers a wide spectrum and takes many years to perfect. The ultimate aim of the art of karate lies not in victory or defeat but in the perfection of the character of its participants.

The president of Goju kai SA is Shihan Peter Brandon sixth dan, who is also chief instructer of Goju kai Africa. He is also the vice-president of Goju kai in the world. All provinces are headed by a chief technical director (fourth or fifth dan), to supervise the technical standard of the provincial dojos. All Goju kai instructors are Japanese graded and train annually with the Japanese to maintain a high standard. The instructer at Stellenbosch is Sempei Anton Dorman (second dan), who teaches at Paul Roos Gimnasium High. All those seeking more information can phone 021-5575387.




# KOSHUISSPORT

## NERINA

OP die hokkieveld het Nerina dié seisoen bewys dat hulle die koshuis is waarmee rekening gehou moet word. Ons het alreeds vier wedstryde gespeel en almal goed gewen: Huis de Villeirs 5-0, Nemesia 3-0, Heemstede 3-1 en Huis ten Bosch 2-1.

Nerina het ook in die tennis bewys wat in ons steek, deur deur te dring na die finaal.

Op die netbalbaan vaar Nerina ewe goed. Nerina A het naelskraap teen Aristea verloor, maar daarvoor vergoed deur Minerva oortuigend te wen. Nerina B en C het tot dusver al hulle wedstryde gewen.

□□□□□□

## HARMONIE

Deur SUSAN-MARIE LIEBENBERG

HARMONIE het sedert die plasing van die vorige berig nog sukses behaal op sportgebied. Op20 April wen ons Sonop se hokkiespan met vier doele teenoor nul. Met tafeltennis wen ons op 19 April vir Lydia (agt stelle teenoor ses) en op 26 April vir Nerina met elf stelle teenoor twee.

# SPORT-UITSLAE

**MAANDAG 26 APRIL:**
**BASKETBAL:** VROUE: Stellenbosch verloor teen Saints 8-106. MANS: Stellenbosch klop Protea 56-52.

**DINSDAG 27 APRIL:**
**PLUIMBAL:** Stellenbosch I gelykop teen Kuilsrivier 4-2, Stellenbosch II klop Valsbaai 6-2, Stellenbosch III verloor teen Kuilsrivier 2-6.

**WOENSDAG 28 APRIL:**
**PLUIMBAL:** Stellenbosch VI klop Stellenbosch VII 4-2.
**TAFELTENNIS:** Stellenbosch klop UK 10-0, Stellenbosch III gelykop teen UK 5-5, Stellebosch IV klop Gordons 8-2.
**SOKKER:** Stellenbosch I gelykop teen Real Ideas 1-1, Stellenbosch II verloor teen spes Bona 1-5.
**VLUGBAL:** VROUE: Stellenbosch II klop Somchem 3-2. MANS: Stellenbosch verloor teen UK21-96.

**DONDERDAG 29 APRIL:**
**BASKETBAL:** VROUE: Stellenbosch klop Eagles 48-45.
**TAFELTENNIS:** Stellenbosch I klop Bergvliet 8-2, Stellenbosch II klop St Giles 9-1.
**PLUIMBAL:** Stellenbosch V klop Kuilsrivier 4-3.

**VRYDAG 30 APRIL:**
**RUGBY:** Stellenbosch klop Weermag 75-17, Vics klop Valsbaai 59-3, Cravens klop Weerma 80-0, Stellenbosch II klop Valsbaai 8-7.

**SATERDAG 1 MEI:**
**NETBAL:** Stellenbosch I verloor teen Victor Verster I 34-52, Stellenbosch II klop Strand I 47-41, Stellenbosch III klop Stellenbosch V 37-33, Stellenbosch IV klop Wellington I 50-18, Stellenbosch VI klop Van der Stel III 53-25.
**SOKKER:** Stellenbosch I klop United Pirates 1-0, Stellenbosch II klop Villagers 3-1.
**HOKKIE:** MANS: Stellenbosch I klop Vishoek 4-1, Stellenbosch II gelykop teen Vishoek 2-2, Stellenbosch IV verloor teen Groenpunt 0-3. VROUE: Stellenbosch I klop Durbanvile 5-0, Stellenbosch gelykop teen Pinelands 0-0, Stellenbosch III verloor teen Durbanille 0-1, Stellenbosch IV gelykop teen Durbanville 1-1, Stellenbosch V verloor teen Pinelands 2-3, Stellenbosch VI gelykop teen Bellville 0-0.

**MAANDAG 3 MEI:**
**PLUIMBAL:** Stellenbosch VII verloor teen Brackenfell 0-6.
**BASKETBAL:** VROUE: Stellenbosch verloor teen Saints 17-71.
**VLUGBAL:** VROUE: Stellenbosch I klop Toscassa 3-0. MANS: Stellenbosch II klop Toscass 3-1.
**RUGBY:** Stellenbosch 0/20A 1 klop Villagers 18-8, Stellenbosch 0/20B 1 verloor teen Villagers 7-15.

**DINSDAG 4 MEI:**
**PLUIMBAL:** Stellenbosch II verloor teen Paarl 1-0, Stellenbosch III klop Valsbaai 5-2, Stellenbosch V verloor teen Van der Stel 1-6.
**SOKKER:** Stellenbosch I klop Vanguard City 3-0, Stellenbosch II verloor teen Jamestown 1-6.

**WOENSDAG 5 MEI:**
**BASKETBAL:** MANS: Stellenbosch verloor teen Saints 47-102.

**DONDERDAG 6 MEI:**
**PLUIMBAL:** Stellenbosch IV klop Kuilsrivier 5-2.

**SATERDAG 8 MEI:**
**NETBAL:** Stellenbosch I verloor teen Van der Stel 33-39, Stellenbosch II verloor teen Victor Verster 34-49, Stellenbosch III klop Van der Stel II 55-32.
**TENNIS:** WP Ope-toernooi: MANS ENKEL: Coenie de Villiers verloor in die finaal. MANS DUBBELS: Wege van Niekerk en Coenie de Villiers wen die titel. VROUE DUBBELS: Linda Barnard en maat wen die titel.
**PLUIMBAL:** Boland Ope: VROUE DUBBELS: Reneé Schoonees en maat wen die titel.
**HOKKIE:** MANS: Stellenbosch I klop Cantral 3-1, Stellenbosch II gelykop teen Central 1-1, Stellenbosch III verloor teen Central 0-1, Stellenbosch IV verloor teen Constantia 1-4. VROUE: Stellenbosch I klop Oud-studente 8-0, Stellenbosch II verloor teen Constantia 0-2, Stellenbosch III klop Milnerton 3-1, Stellenbosch IV gelykop teen Ou Mutual 0-0, Stellenbosch V klop Oud-studente 1-0, Stellenbosch VI klop Ou Mutual 3-1.
**RUGBY:** Stellenbosch I klop SK Walmers 41-5, Vics klop Durbanville78-10.
**VLUGBAL:** SA Klubkampioenskappe: MANS: Stellenbosch verloor teen Tycon 0-2, Stellenbosch verloor teen Black Panthers 0-2. VROUE: Stellenbosch verloor teen Dynamos 0-3, Stellenbosch verloor teen Saints 0-3, Stellenbosch verloor teen PE Polisie 0-3.

*Geniet die Ligte Amerikaner... met smaak!*

VRA VIR

# JOHN ROLFE LIGHTS




*Geniet John Rolfe Lights vandag*

*Ligte Smaakvolle Tabak*

EDGEWORTH INC., RICHMOND, VA., V.S.A. In Suid-Afrika vervaardig.